OP SOEK NA DIE WARE JESUS CHRISTUS EN SY KONINKRYK

Ignited in Christ Genesingsbediening (RSA): Die pad wat ons geloop het om by die lering van *"Come out of her My people"* uit te kom – Die eerste 12 jaar ('n Getuienis)

1. Voorwoord

My naam is Deirdré Pieterse (voorheen Deborah) van Ignited in Christ ("IIC") genesingsbediening in Suid-Afrika en dit is nou April 2024.

Ek doen hierdie getuienis eerstens in Afrikaans, aangesien baie mense in Suid-Afrika wat die bediening van IIC gevolg het (oor die afgelope 10 jaar) Afrikaanssprekend is. Dit sal egter waarskynlik ook later in engels aangebied word.

Die lering wat in Maart 2024 deur ons bekendgestel is op YouTube getiteld ***"Come out of her My people"*** tesame met ons erkenning, belydenis en versoek om vergifnis teenoor die Bruid van Jesus Christus dat ons **(onbewustelik) ook** 'n *"ander evangelie, 'n ander jesus en 'n ander gees"* (2 Kor. 11:4) verkondig het was en is waarskynlik vir baie gelowiges in Jesus Christus 'n groot skok. Dit het ook waarskynlik groot ontnugtering en verwarring meegebring, veral onder diegene wat IIC se bediening oor die afgelope 10 jaar ge"volg" het.

Dit is miskien baie skaars en selfs ongekend dat 'n bediening van Jesus Christus na gelowiges toe kom en sekere dwaalleringe in hul leringe erken en bely asook onderneem om dit reg te stel. Dit skep waarskynlik ook baie onsekerheid oor of hierdie bediening dan steeds in die toekoms vertrou kan word. Ons verstaan dat daar om hierdie rede ook selfs groot kommer in enkele van ons mede-gelowiges se gemoed mag wees oor die geestelike pad waarop IIC, en dan ook spesifiek ek en my man Gerhard, tans is.

Eerstens wil ons sê dat dit heeltemal te verstane is dat u so voel want ons was ook daar. Ons neem dan ook niemand kwalik wat dalk op hierdie stadium twyfel en selfs verward en ontnugterd voel nie. Dit is bloot menslik want u sien waarskynlik net 'n gedeelte van die volle prentjie.

Hierdie getuienis het dus ten doel om:

- Die pad wat IIC geloop het sedert sy formele ontstaan in 2013 tot en met die openbaring van die inhoud van ons nuutste lering van "*Come out of her My people"* kortliks weer te gee;
- Duidelik uit te lig dat ons, sedert ons ontstaan, deurgaans in bediening ervaar en beleef het dat daar nog 'n groot geestelike "oop deur" in alle wedergebore en Gees- asook watergedoopte gelowiges in Jesus Christus se lewens moet wees aangesien die vyand telkens dit reggekry het om ons as 'n bediening maar ook ons mede-gelowiges individueel geweldig aan te val;
- Aan te toon hoe ons 'n pad gestap het (en nog steeds stap) van soek na die waarheid, hoe ons moes volhard nieteenstaande tye van uiterste geestelike vervolging en hoe ons Jesus Christus uiteindelik, toe die tyd reg was en ons die volle pad geloop het, deur Sy Gees vir ons openbaring gebring het; en
- Te verduidelik hoe dit gekom het dat ons (**onbewustelik**) **ook** 'n *"ander evangelie, 'n ander gees en 'n ander jesus"* verkondig het en dit moes erken en daarvoor om vergifnis vra.

Hierdie feitlik 180 grade omdraai in ons bediening het dan ook vereis dat ons 'n groot prys moes betaal en ons moes leer dat enige *efods*-beelde in ons midde soos bv. die geestlike "koninkryk" van 'n "bediening" wat om onsself gebou is, donasies, 'n "volgelingskap" ens. alles voor Jesus se troon geplaas moes word sodat uiteindelik net Sy waarheid en Sy geregtigheid kan seëvier.

Hierdie geestelike reis om gestroop te word van alles en om letterlik alleen weer by Jesus se voete te wees was en is steeds vir ons baie soberend, genesend en verrykend. Ons het ook harde en duur lesse geleer wat ons ook nou kan aanwend om andere in die Liggaam van Jesus Christus te leer en te waarsku.

Die doel van hierdie getuienis is dus nie om te getuig oor myself of my eie roeping in Jesus Christus en lewe nie. Die doel is om te getuig van die werk wat Jesus Christus deur Sy Gees in en deur ons gedoen het oor die 12 jaar wat verby is en om te getuig van die pad wat ons moes loop om uiteindelik uit te kom by die openbaringe vervat in die lering *"Come out of her My people"*. Hierdie lering is werklik 'n "game changer" in ons bediening asook in die Liggaam van Jesus Christus en het tot gevolg gehad dat ons by 'n keerpunt gekom het en werklik (soos die engelsman sê) weer terug moes gaan na die tekenbord.

Mag slegs Jesus Christus se naam dus hierdeur verheerlik word en mag slegs Sy Koninkryk in en deur ons kom. Alle eer by voorbaat aan Hom vir die 12 jaar tot dusver vandat Hy ons deur Sy Gees geroep het.

2. Agtergrond tot die ontstaan van IIC

Dit was ongeveer Maart 2011 wat ek en my man beide gedoop is as gelowiges (deur volle onderdompeling in water) in ‘n charismatiese kerk en deur charismatiese gelowiges. Ons het natuurlik terselfdertyd uitgevind dat die babadoop deur besprinkeling waardeur ons beide as babas is, glad nie van Jesus Christus af gekom het nie maar ‘n oorgeërfde heidense gebruik is. Vandaar af het ons en ons gesin se lewens ingrypend verander. (Ons kinders, toe ongeveer 11 en 13 jaar oud is ook mettertyd gedoop as gelowiges deur volle onderdompeling in water.) Daar is ook vir ons hande opgelê by meer as een geleentheid deur charismatiese gelowiges en verskeie profetiese woord is ook aan ons gegee. Die profetiese woord het telkens bevestig wat ek reeds in my gees geweet het naamlik dat Jesus Christus my roep *“to set the captives free”*. Ek het daardie tyd sterk ervaar dat dit ‘n roeping tot die genesings- en bevrydingsbediening behels. Ek het ook ervaar dat my naam “Deirdré” sal moet verander na “Deborah”, ‘n naam wat ek geglo het die Here vir my gegee het en wat by my roeping pas. Die naam “Deborah” beteken *“new position of leadership”* en *“honey bee”* wat verwys na nuwe openbaring.

Baie van dit wat ons in daardie kort tydperk van informele verbondenheid aan ‘n charismatiese kerk beleef het besef ek vandag was soms tot ‘n mate besmet deur die Kundalini bv. meeste van die “tale” wat ons daar gehoor het, die uitleg van tale (wat altyd dieselfde persoon in die kerk was wat die taal uitgelê het), handoplegging (vir doping met die Heilige Gees maar wat ook die oordrag van die Kundalini bevorder het), “voete was” (wat ook ‘n Ou Verbond ritueel is) en selfs sommige van die sg. profetiese woord. Dit was egter ook nie alles besmet nie want baie van dit het werklik met ons gees geresoneer en dit was wonderlik vir ons (wat uit ‘n tradisionele kerk uit gekom het) om vir die eerste keer in ons lewens die leiding en gawes van die Heilige Gees te kon ervaar. Deur dit alles was Jesus Christus ook altyd getrou en het Hy ons bewaar sodat ons nou kan getuig van wat ons ervaar en beleef het en ander gelowiges kan waarsku.

Kort na ons doop as gelowiges het ek en my man begin om (saam met ander charismatiese gelowiges in Jesus Christus by wie ons baie geleer het) mense te bedien in die krag van die Heilige Gees. Ek het steeds daardie tyd voltyds as prokureur in die korporatiewe sektor gewerk en my man voltyds as besigheidsman en in die aande was ons besig met innerlike genesing en bevryding. Dit was wonderlike (maar ook verskriklike) tye want aan die een kant het ons die krag van God eerstehands gesien en beleef maar aan die ander kant het ons ook die ongebrydelde krag van die vyand gesien en dit het telkens vir ons baie geestelike, emosionele en selfs fisiese trauma veroorsaak. Jesus het ons egter deur Sy Gees geweldig baie geleer van die geestesrealm, die vyand se koninkryk en verskeie

geestelike konsepte wat destyds in bevryding baie aangespreek is soos bv. en veral “demoniese sielskopieë” (destyds eerste bekend as “brokstukke” en later deur ons herdoop na “demoniese sielskopieë” oftewel “DSK’s”) asook “dissociative identity disorder” (“DID”) of gesplete persoonlikheid. Ons het aanvanklik toe ons begin het baie op DSK’s gefokus en het letterlik 1000’e DSK’s in omtrent al die Gees- en watergedoopte (deur volle onderdompeling) mede-gelowiges gekry wat ons bedien het en vir Jesus gevra om hulle uit te haal. Ons het elke keer in verwondering gestaan om Jesus se krag te beleef en om te sien hoe letterlik elke knie buig en elke tong bely dat slegs Hy die ware God is. Soos een van ons voormalige kosbare mede-krygers van daardie tye gesê het: *“Those days were legendary!”*

Ons het gesien hoe kom mense vry van ernstige geestelike bindinge van die vyand en ook hoe hulle dramatiese innerlike en selfs fisiese genesing verkry en dit was werklik wonderlik om Jesus Christus, die Groot Geneesheer, so aan die werk te sien. MAAR, ek het dikwels (nie altyd nie) ook gesien hoe van die mense se vryheid bloot kortstondig was. Ons sou bv. vir so 2 weke lank positiewe terugvoer kry van ‘n persoon wat ons bedien het en dan skielik moet ons hoor die persoon het weer teruggeval en nog sessies is nodig. In sommige gevalle en met betrekking tot sekere individue het ons selfs meer as 70 sessies van ongeveer 2 tot 3 ure elk aan die individu afgestaan (meestal in die aande en oor naweke)! Dit was altyd gratis en ten koste van ons familielewe en tyd saam met ons kinders wie toe op hoërskool was. Dit is onnodig om te sê dat ons kinders derhalwe ook ‘n groot prys betaal het in hierdie opsig aangesien ons feitlik altyd besig was om mense in ons huis te bedien en daar telkens hewige manifestasies was, soms só erg dat die bure by meer as een geleentheid die polisie ontbied het om te kom kyk wat aangaan! In sommige ander gevalle was mense eers vreeslik dankbaar dat ons hulle gehelp het en was vuur en vlam om te getuig van Jesus se grootheid en krag en dan na so ‘n maand of 2 moes ons hoor hoe hulle teen ons gedraai het en selfs in sommige gevalle hul getuienisse wou terugroep. Dit was soms demotiverend maar ons het vasgebyt en vasgestaan en geweet dat wat ons mee besig was van Jesus Christus af gekom het en dat Hy met ons meegewerk het.

Ons het natuurlik ook van dag een af baie kritiek vanuit die formele kerklike strukture gekry en ons het besef dat die bediening van bevryding en genesing op hierdie vlak binne geen formele kerklike verband gedoen kan word nie. Ons het dit dus vanuit ons huis gedoen met baie persoonlike opoffering, ook van al ons gesinslede.

Ons (en ons gesin) was van dag een af wat ons met die bediening begin het onder geweldige geestelike aanval. Van die eerste mense wat ons bedien het (saam met ander charismatiese mede-gelowiges) was ‘n meisie wat as ‘n bruid van Satan

geinisieer was en wat sogenaamd wou vrykom. Ons het op daardie stadium gedink dat om hierdie meisie te bedien sou vir ons uiters leersaam wees en ons het geglo dat, ook vanweë die Doop van Gelowiges, ons heeltemal beskermd is en met vertroue so ‘n persoon kon bedien. Vandag weet ek sy was reg by die aanvang van die bediening al deur die vyand na ons toe gestuur met die doel om ons geestelik skade te berokken en sodat die vyand ons bediening kon infiltreer. Dit was geweldig gevaarlike bedieningsessies om mee te begin en in een van die sessies toe ons “Lucifer” die demoon in haar aanspreek het sy met soveel fisiese krag gemanifesteer dat 2 tot 3 van ons haar nie kon onder bedwang bring nie.

Ons en ons hele gesin is tydens haar bediening geweldig aangeval in die gees en ons kinders was beide op daardie stadium nog in die laerskool. Gelukkig het die Here ons deur visioene, drome en waarskuwings van ander gewaarsku en ons het haar sessies na die eerste paar gestaak. Dit het my egter baie ontstel dat ons haar net wou help en geglo het ons is beskerm deur die bloed van Jesus (asook, baie NB, as gevolg van ons gehoorsaamheid in die Doop van Gelowiges) maar dat ons en ons gesin nieteenstaande so aangeval was. Waar was die beskerming van die bloed van Jesus dan en is ons dan werklik veilig in hierdie bediening of is ons en ons gesin in gevaar? Ons het dan almal gedink dat die Doop van Gelowiges as beskerming sou dien in die bediening van bevryding? Jare later moes ons tot ons verdere skok en trauma uitvind dat hierdie voormalige bruid van Satan (asook verskeie ander senior sataniste en hekse) wel die bediening geinfiltreer het as DSK’s en DID’s. Daar was egter ook infiltrasie in die bediening in as gevolg van sommige van ons meer senior mede-krygers se vorige betrokkenheid by ‘n bediening wat sg. “survivors” van satanisme wou help om vry te kom. Weereens het ons gevra: *“Maar hoe is dit moontlik? Die bloed van Jesus Christus moet ons mos beskerm en die Doop van Gelowiges veral is dan ter beskerming en ons is almal gedoop as Gelowiges?”*

Die Here was en is egter telkens getrou en by elke openbaring van infiltrasie deur die vyand het Jesus ons weer vrygemaak deur die kragtige werking van Sy Gees en het ons weereens baie geleer van die vyand se werke en die geestesrealm. Die Here het telkens dit wat die vyand tot ons nadeel beplan het omgedraai en dit vir ons ten goede laat meewerk. Ons het altyd as oorwinnaars uit elke stryd getree, danksy ons Here Jesus Christus en die krag van Sy Heilige Gees. Jesus is getrou!

3. <u>IIC se formele ontstaan in 2013</u>

IIC het sy formele ontstaan as ‘n bediening gekry ongeveer April 2013 toe ek bedank het by my korporatiewe werkgewer om van daar af aan voltyds in diens van ons Here Jesus Christus te wees. My man het egter steeds voortgegaan met sy besigheid maar het my ten volle ondersteun en ook bygestaan in die bediening.

Ons verwysingsraamwerk destyds (en tot onlangs nog) was dat die beginpunt van vrykom in Jesus Christus die Doop van Gelowiges (deur volle onderdompeling in water) is en daarna om ‘n pad van innerlike genesing en bevryding deur die krag van die Heilige Gees te stap. Ek en my man is self ook vir genesing van innerlike trauma en seer bedien (veral vanuit die kinderjare) en daarna (toe ek eers goed verstaan het hoe om self te bid) het ek sommer self by Jesus se voete gaan sit en het ervaar dat Hy my van baie onwaardigheid en verwerping bevry en genees het.

Ignited in Christ het begin en ons het vanuit die staanspoor slegs mense bedien wat gedoop is as gelowiges deur volle onderdompeling in water. Ons het dan ook baie mense self gedoop deur volle onderdompeling in water nadat ons hulle eers geleer het wat die volle betekenis en krag van die Doop van Gelowiges is. Ek, veral, was baie passievol oor die Doop van Gelowiges en kon baie opgewonde daaroor raak en lank daaroor gesels en leer. Ons het geglo dat die krag van die Heilige Gees eers werklik ten volle ontsluit word deur gehoorsaamheid in die doopbad want dit is ook wat ons telkens prakties gesien en ervaar het in die bediening. HIERDIE IS BELANGRIK OM VAN KENNIS TE NEEM WANT ALLES WAT ONS DAARNA ERVAAR EN GELEER HET WAS TEEN DIE AGTERGROND VAN EN IN DIE KONTEKS VAN DIE DOOP VAN GELOWIGES DEUR VOLLE ONDERDOMPELING IN WATER.

Ons het deurgaans geglo dat om iemand te bedien met innerlike genesing en bevryding in die krag van die Heilige Gees wat nog nie deur die Doop van Gelowiges was nie, nie so effektief sou wees nie aangesien “niks sou beweeg nie” (die DSK’s, DID’s en selfs demone sou nie in die persoon manifesteer en praat nie). Ons het dan ook verskeie kere ervaar dat “goed eers praat” nadat die persoon gedoop is as ‘n gelowige deur volle onderdompeling in water. Ons het geglo dat hierdie “goed” in mense praat vanweë die kragtige werking van die Heilige Gees wat in die doopbad ontsluit is. Dit was dan ook wat ons telkens prakties ervaar het en dit het ons geloof in die krag van die Doop van Gelowiges deurgaans versterk.

Ons het begin om mede-gelowiges letterlik dag en nag te bedien en dit was beide baie uitputtend (en selfs uitmergelend) maar ook baie bevredigend. Ons het daagliks die krag van Jesus Christus deur Sy Gees eerstehands gesien en ervaar en het daagliks baie geleer van die geestesrealm en van die vyand se werke.

Ons was aanvanklik werklik ‘n gedugte span krygers van Jesus Christus wat saam bedien het en wonderlike en kosbare tye is saam beleef. Hierdie aanvangstye en die kosbare agapé liefde wat ons saam met ons mede-krygers beleef het sal ons vir altyd in ons harte koester en bewaar.

Dit is belangrik om kennis te neem dat toe ek in die bediening voltyds begin het, was ek 100% fisies gesond en het feitlik elke aand baie lekker en vas geslaap.

Meeste van my menseverhoudinge (veral in gesins- en familieverband) was ook goed en stabiel.

4. IIC – 10 jaar tot 2023

Soos reeds genoem, het ons baie geleer in die 12 jaar wat ons die Bruid van Jesus Christus bedien het met innerlike genesing en bevryding in die krag van die Heilige Gees. Geestelike konsepte soos “demoniese sielskopieë” (DSK’s), “beseerde binnekinders” en “beseerde binne volwassenes” asook die hele hiërargie van Satan se demoniese koninkryk naamlik sterkmanne, kragdemone en voetsoldate het vir ons baie duidelik en bekend geword. Soos wat een van ons mede-krygers so dikwels gesê het was dit vir ons om met hierdie geestelike goed te werk so gewoon en alledaags soos vir ander mense om roomys te eet!

Ons het ook geleer van DID en hoe gedagtebeheer en programmering deur DID werk en het dit ook naderhand begin uitken en hanteer in die gelowiges wat ons bedien het. Sommer gou het die Here vir ons sekere demoniese vestings van die vyand geleer naamlik dié van die Songod (die demoniese vesting van Athaliah, Jezebel en Agab), die Hemelkoningin (die demoniese vesting van die Queen of Heavan met Lilith, Jezebel en Hecate), Kundalini (die vals heilige gees) asook die sterk Afrikaner bindinge van die Broederbond en die Ossewabrandwag (Geestelike erfenis van die Afrikaner) asook die vloek van Vrymesselary wat deur die “Lewis-curse” werk. Ons het dan ook mettertyd leringe oor al hierdie geestelike konsepte opgestel en dit eers op DVD en later gratis vrygestel aan die Liggaam van Christus op YouTube.

In die laaste paar jare het die Here vir ons gewys dat meeste van hierdie konsepte ook te vinde is op menslike geesvlak maar weereens en baie belangrik by en in die konteks van wedergebore gelowiges in Jesus Christus wat deur die Doop van Gelowiges is. Dit was vir ons baie ontnugterend en nog leringe het gevolg van die sterkmanne DID op geesvlak en die saad van Satan in die menslike ras. Ons glo steeds dat hierdie leringe in hul beginsel korrek is (veral t.o.v. gelowiges in Jesus Christus wat gedoop is deur volle onderdompeling in water) en dat baie gelowiges in Jesus Christus hierdeur baie geleer het en in staat was om vry te kom en sodoende hul outoriteit in Jesus Christus kon opneem. MAAR, weereens moet mens egter net in ag neem en verstaan dat ons dit alles geleer het TEEN DIE AGTERGROND VAN EN IN DIE KONTEKS VAN DIE DOOP VAN GELOWIGES wat (behalwe ons geloof in Jesus Christus en ons wedergeboorte in Hom) ONS GEESTELIKE FONDAMENT OF VERTREKPUNT WAS.

Ons het in die bedieningskamer geleer en ervaar dat bloedlynvloeke nog steeds bestaan en werklik nog deel is van wedergebore Gees- en watergedoopte gelowiges se lewens (veral en eerstens dan die vloek van Vrymesselary) aangesien

dit was wat ons konstant in gelowiges gekry het wanneer ons hulle bedien het. ‘n Demoniese sielskopie (bv. Koningin Isebel van die Bybel se tyd!) of demoon (bv. Jezebel) sou bv. sê dat hy/sy of dit die reg het om in die persoon te wees vanweë die feit dat die voorgeslagte die songod aanbid het en hul babas geoffer het. Of, ‘n ander voorbeeld is dat ons bv. die oupagrootjie (wie ‘n 33ste graad Vrymesselaar was toe hy geleef het) in ‘n man sou kry wat ons bedien het as ‘n DSK en DID en dan sê hy dat hy die reg het om in die agterkleinseun van hom te wees as gevolg van die vloek van Vrymesselary. So het ons dan (in die bedieningskamer en in die konteks van die Doop van Gelowiges) geleer dat bloedlynvloeke bestaan en dat wedergebore gelowiges in Jesus Christus pertinent die sondes van die voorgeslagte moet bely en dan die vloeke moet kanselleer. Lang verloëningsgebede is dan ook opgestel en saam met elke lering vrygestel. In hierdie opsig is en was ons as ‘n eindtydbediening van Jesus Christus ook nie uniek nie aangesien daar verskeie ander eindtydbedieninge in Suid-Afrika en wêreldwyd is wat ook hierdie pad van genesing en bevryding in die konteks van bloedlynvloeke aan gelowiges in Jesus Christus voorgehou het as die pad van heiligmaking wat ons moet loop.

Op ‘n punt toe ons redelik baie inligting al van die Heilige Gees ontvang het, het ons ervaar dat ons ‘n Warrior Skool moet begin waar ons dan gelowiges sou oplei om, eerstens, self vry te kom en innerlike genesing te ontvang en om dan, tweedens, toegerus te word om ander gelowiges te kan bedien en help om ook vry te kom.

Ons het hierdie Warrior Skool fisies aangebied vir die eerste 2 tot 3 jaar, eers by ons huis en later by meer as een kerklike perseel. Oral is ons geweldig aangeval en nêrens kon ons ‘n plek vind waar ons in veiligheid en rustigheid mense kon leer, bedien en oplei nie.

Tydens die Warrior Skool sessies en ander private sessies van individue het ons telkens die vyand dramaties sien manifesteer in mede-gelowiges wat reeds wedergebore en Gees- en watergedoop (deur volle onderdompeling) was. Sommige het geweldige demoniese fisiese krag verkry en kon skaars onder beheer gebring word, ander het geskreeu, gevloek en selfs gebrul soos leeus. In sommige gevalle wou die DSK’s en demone in hulle ons selfs aanval en ernstige fisiese beserings veroorsaak. Dit was vir ons en ons mede-gelowiges baie ontstellend om te sien en te hanteer want hoe kan die vyand dan nog soveel krag hê in gelowiges wat gedoop is as gelowiges deur volle onderdompeling in water en wat reeds alles onder die son al verloën en afgelê het en wou vrykom? Waar kom die vyand se krag dan nog vandaan?

Nadat ons op die derde perseel van ‘n sekere charismatiese kerk só aangeval is deur die vyand dat ons nie verder so kon voortgaan nie het ons maar besluit om die Warrior Skool bloot aanlyn oor die internet aan te bied. Ons moes toe ook weereens uitvind dat die hoofpastoor van die betrokke charismatiese kerk (wie ‘n senior vrymesselaar is) en sy mede-vrymesselaars ons bediening en die hele warrior groep geinfiltreer het deur DSK’s en selfs DID’s. Dit is onnodig om te sê dat dit ons letterlik maande geneem het om ook weer van al hierdie goed in die groep ontslae te raak en vry te kom. Dit was weereens vir ons baie ontnugtered en traumaties.

Ons het toe begin om “Warrior naweke” te hou waar ons dan gelowiges uitgenooi het (wat ons Warrior Skool kursus suksesvol aanlyn voltooi het) om die Saterdag die dag by te woon waartydens ons dan die gelowiges in klein groepies met innerlike genesing en bevryding in die krag van die Heilige Gees bedien het.

Dit is baie belangrik om van kennis te neem dat ons ook telkens voor ons begin het saam met ons mede-gelowiges gebid, afgeseël en NAGMAAL gehou het.

Weereens, die begin van die pad vir iemand om deur ons bedien te word was die Doop van Gelowiges so almal was wedergebore Geesvervulde maar ook water gedoopte (deur volle onderdompeling) gelowiges in Jesus Christus. Ons het dan ook vir gelowiges van die Doop van Gelowiges geleer en dit was ‘n GEESTELIKE HOEKSTEEN (of *sine qua* non) van ons hele warrior kursus.

Tydens hierdie Warrior naweke is ons ook telkens geweldig aangeval en moes ons omtrent eers die helfte van die dag geestelike oorlogvoering doen om alles wat wil geestelik blok dat ons sukses kan behaal aan te spreek (in die hele groep) en eers daarna kon ons begin om die individue suksesvol te bedien. Hoewel daar altyd baie geestelike aanslae was, was ons Here Jesus Christus deur Sy Gees ook altyd getrou en het Hy aan ons die oorwinning gegee sodat ons altyd vol van Sy glorie en baie dankbaar die dag en naweek met wonderlike lofprysing en danksegging kon afsluit. Dit het telkens na so ‘n naweek nog vir ‘n volle dag daarna gevoel of ons op wolke loop, so vol van die salwing en glorie van die Heilige Gees het ons gevoel en so in verwondering het ons telkens gestaan van Jesus se krag en hoe die Lig (Jesus Christus) die duisternis laat swig.

Mense wat mooi tot op ‘n sekere vlak vrygekom het is egter soms weer deur die vyand teruggeruk in bindinge in en enkeles van hulle het so ernstig teruggeval dat hul selfs hul kosbare geloof in Jesus Christus prysgegee het (darem net een waarvan ons geweet het). Ander van ons mede-gelowiges is deur die vyand meegesleur in die verkeerde verhoudinge en het so weer terug in ou sondes verval. Daar was egter ook krygers wat bly staan het en volhard het en enkele jare later

nog saam met ons die pad bly stap het. Ware eindtyd-krygers van Jesus Christus en ons eer hulle steeds geweldig hiervoor.

Nieteenstaande al hierdie aanvalle en teenaanvalle van die vyand, het die Here ons die hele tyd geleer en ons ook later kragtig gebruik om verskeie opdragte van territoriale oorlogvoering vir Hom uit te voer. Dit was ook "*legendary"* en verskeie massiewe altare en geestelike trone van die vyand in ons land is afgebreek deur gebed en verskeie oop poorte van die vyand is gesluit. Dit was wonderlik om te beleef dat geestelike eindtydkrygers van Jesus Christus dwarsoor Suid-Afrika in eensgesindheid so saam in die gees kon beweeg. Dit was alles net voor Covid begin het en ons glo die Here se tydsberekening hierin was net perfek.

Toe kom Covid in Maart 2020 net nadat die Here ons daardie Desember 2019 deur Sy Gees gewys het dat die groot verdrukking (waarvan Jesus in Matteus 24 gepraat het) gaan begin en dat ons onsself moet regmaak vir die begin van eindtyd gebeure. My man Gerhard het, onder gebed, 'n visioen gesien van spierwit papiermannetjies wat so die een na die ander val (amper soos dominos). Ons het geweet dat die Here hiermee vir ons wys dat die vyand ook van nou af 'n groter aanslag gaan loots op die gelowiges in Jesus Christus en dat dit daarop gemik is dat hul in hul geloof sal val. Covid was 'n groot skok vir almal en niemand kon dink dat wêreldregerings die beheer oor mense se lewens kan hê om hulle vir 5 weke in hul huise in te hok en om hulle bv. te verbied om selfs te gaan draf of te oefen nie.

Ons het met groot ontnugtering besef dat ons steeds uitgelewer is aan 'n internasionale Babiloniese bestel van materialisme en pharmakeia asook owerhede en instellings wat ons kan en wil beheer. Ons het ervaar dat ons uit die stad moet kom en het begin soek na 'n landelike eiendom waar ons selfversorgend kan word. In November 2020 trek ons na ons klein bosveldplasie en begin om die plekkie stelselmatig op te knap en in te rig met die oog op selfonderhoud en ook bediening.

Spoedig het ons egter weer begin om "warrior" naweke op die plaas te hou en om ook ons gaste-akkommodasie daarvoor aan te wend. Nou kon gelowiges wat ons Warrior Skool kursus suksesvol voltooi het sommer oorslaap en dan bedien word. Ons het aanvanklik met groterige groepe begin en later was dit kleiner groepies krygers wat vir naweke sou kom om deur ons bedien te word.

Weereens het ons baie vrymaking en genesing beleef in die krag van die Here MAAR telkens is die gelowiges na die tyd weer ernstig aangeval en het dit geblyk dat die vrymaking nie volledig of voltooid was nie.

Die vyand het ook dikwels mense na ons toe gestuur op die plaas om dan die naweek ernstig te ontwrig of om aan die vyand 'n oop deur te gee om die groep te

infiltreer of om ons te frustreer ens. Telkens was baie geestelike oorlogvoering dan ook nodig voordat ons eers kon begin om enige van die individue te bedien.

Al hierdie dinge het deurgaans die vraag by ons laat ontstaan: *"Wat gee die vyand dan die reg om ons so aan te val en waar is die beskerming van Jesus se bloed dan?"* Ons het onsself egter maar getroos met die gedagte dat ons seker maar waardig is om aangeval te word!

5. Ons ervaringe in bediening oor die 12 jaar

Ons het baie geleer oor die 12 jaar tydperk en ons het werklik as geestelike krygers konstant met die vyand geworstel om gelowiges in Jesus Christus te probeer vry kry uit die vyand se bindinge. Telkens was dit egter 'n geval van teenstrydighede naamlik aan die een kant het ons die krag van Jesus Christus deur Sy Gees ervaar maar aan die ander kant ook die vyand se ongebrydelde krag en teenaanvalle. Dit was 'n geweldige geestelike oorlog waaruit ons nie sonder wonde en letsels gekom het nie maar weereens, ons het baie geleer en kan nou terugkyk met baie meer wysheid en insig en hopelik die Bruid van Jesus Christus waarsku.

Ek gaan nou etlike voorbeelde gee van hoe die vyand ons as groep aangeval het oor die tydperk van 12 jaar en my doel hiermee is nie om 'n negatiewe prentjie van IIC of die bevrydingsbediening as sulks te skets nie maar om te illustreer dat DIE VYAND IEWERS 'N GEWELDIGE OOP DEUR MOES GEHAD HET OM ONS EN ONS MEDE-KRYGERS VIR JESUS SO AAN TE VAL. Ons het baie met hierdie einste vraag geworstel en gevra: *"Maar waar is die beskerming van Jesus Christus se bloed dan?"* Ons het egter maar gedink dat vanweë die feit dat ons almal maar nog steeds die saad van Satan in ons het, gebruik die vyand maar seker dit om ons aan te val... Dit het egter nie sin gemaak nie en ek onthou dat ek by meer as een geleentheid vir ons mede-krygers gesê het: *"Julle, ek verstaan ook nie. Dit is "crazy" maar al wat ek weet is dat ons moet volhard en ons kan nie nou gaan lê nie. Ons moet volhard en vasstaan."* Dit het egter 'n baie lang en moeisame pad van bevryding vir baie gelowiges geword en soos wat die tyd aangaan het het baie moed verloor en weggedraai van die bevrydingsbediening af. Ek neem hulle nie kwalik nie maar ek het net in my gees geweet dat Jesus 'n plan het en ons steeds meer en meer wil leer en dat ek moet volhard en Hom vertrou.

Hier volg dus enkele voorbeelde ter illustrasie daarvan dat DIE VYAND 'N REG MOES GEHAD HET OM ONS AS GROEP EN OOK DIE GELOWIGES PERSOONLIK SO AAN TE VAL (min het ons toe geweet dat die Doop van Gelowiges deur volle onderdompeling in water eintlik 'n inisiasie-ritueel van die vyand is en dat ons so in 'n verbond met die vyand te staan gekom het):

- Ons het gevind dat die vyand steeds geweldige krag in wedergebore en Gees- asook watergedoopte (deur volle onderdompeling) mede-gelowiges het. Ons het meermale letterlik met die vyand geworstel naamlik erge manifestasies beleef in die gelowiges wat ons bedien het. Dit het baie geestelike, emosionele en selfs fisiese trauma vir ons almal veroorsaak. Jesus se krag het egter ALTYD geseëvier en ons was ALTYD in oorwinning na elke veldslag.
- Baie gelowiges het vrygekom bv. bloedlynvloeke is gebreek en letterlik 1000'e DSK's, demone en later DID's en sterkmanne is hanteer. Baie mense is ook genees van, in die eerste plek, baie emosionele trauma en skok, kinderjare trauma soos bv. molestering, verkragting, verwerping ens. en baie ander genesing en bevryding het ook vir mense gekom. So dit was baie, baie positief en ek glo daar is baie gelowiges daar buite wat deur ons bedien is en ons kursusse geloop het wat kan getuig dat hul wel al hierdie positiewe bevryding en genesing beleef het en dat hulle definitief nie meer dieselfde mens is as voor hul met die kursusse begin het nie. MAAR, wat ons wel agtergekom het is dat by baie mense die vrykom (nie soseer die genesing nie) bloot kortstondig was en dat baie mense mettertyd maar weer teruggeval het in ou bindinge en dat enkeles selfs heeltemal weggedraai het van Jesus af. Dit is asof die vyand net gewag het dat die gelowiges 'n voet verkeerd moet sit en dan het hy met velle krag probeer om dié wat gestruikel het te vernietig.
- Demoniese sielskopieë (DSK's) was veral gedurende die eerste 4 tot 5 jaar van die bediening 'n groot fokuspunt en in retrospek besef ons dat die vyand ons verlei het om baie tyd hieraan te spandeer en om soms lang gesprekke met DSK's in mense te voer. Hierdie toets van DSK's in mense was ook 'n proses wat oënskynlik geen einde geken het nie. Ons het bv. 'n man bedien waar ons letterelik 1000'e DSK's in hom gekry het (jy kon die naam van enige prominente geskiedkundige figuur maar noem soos bv. "Hitler", "Napoleon", "Alexander die Grote" of "Achilles" ens. en dan was hy/sy daar in die man as 'n DSK). Vandag weet ek daardie nagte en nagte wat ons omgesit het met hierdie man (asook sy vrou) en andere in sessies was 'n strategie van die vyand om ons bloot besig te hou en te ontspoor en dit ten koste van ons tyd met ons gesinne. Ek kan nog goed onthou hoe dit ons uitgeput en moedeloos gemaak het indien 'n DSK bv. sou weier om toe te laat dat Jesus hom/haar uithaal en sou sê: *"Ek sal nie gaan nie want my werk hier is nog nie klaar nie!"* Dit ook dan teen die agtergrond dat die DSK erken het dat dit nie meer 'n reg het in die persoon nie maar bloot eenvoudig net nie wou gaan nie! MAAR weereens was dit nie alles sleg nie want ons Here Jesus Christus het dit toegelaat en die DSK's opdrag gegee om al hul

meester (die vyand) se geheime vir ons uit te lap. Ons het later baie mooi verstaan hoe die vyand se koninkryk inmekaar steek en hoe die verskeie vestings en geestelike konsepte werk. Die enkele lang gesprekke wat ons met demoniese sielskopieë in mense gevoer het, het egter ook ‘n deur oopgemaak vir die vyand om ons te kan mislei en ons moes baie fyn onderskei om nie leuens vir waarheid te aanvaar nie. Ons het dus deur gesprekke met veral DSK’s op ‘n baie dun lyn geloop geestelik en het dit later erken, bely en vir Jesus om vergifnis daarvoor gevra.

- Ons het ook tot ons eie groot ontnugtering bevind dat mooi kinders van die Here wat wedergebore en Geesvervuld is (maar wat ook deur die Doop van Gelowiges deur volle onderdompeling in water is) geweldig maklik “split” dit wil sê DID vorm. Ons sou bv. ‘n insident in die groep hê wat trauma vir almal veroorsaak het en dan vind ons in die bediening van een of twee van die individue betrokke dat hulle selfs op menslike geesvlak ge”split” het (weens die trauma) en dat verskeie DID’s gevorm het wat dan ook groot vestings van die vyand op hierdie manier toegang tot die gelowiges verleen het. Dit was vir ons ‘n groot raaisel hoe ons wat onder die Bloed van Jesus staan en ook gedoop is as gelowiges deur volle onderdompeling in water dan so ooglopend geestelik kwesbaar is dat ons vir die geringste “trigger” (soos bv. ‘n vloek wat gespreek is of ‘n traumatiese insident) sou “split” en vele DID’s daardeur by ons, selfs op menslike geesvlak sou inwerk. Dit kan mos nie wees van gelowiges wat onder die beskerming van die bloed van Jesus staan nie?
- Ons het ons natuurlik feitlik uitsluitlik deur die Heilige Gees laat lei en baie waarde is geheg aan visioene, woord van kennis asook profesie asook al die ander gawes van die Gees. Weereens, dit was ‘n wonderlike tydperk geestelik want ons het regtig in die leiding van die Heilige Gees beweeg en gefunksioneer. Die gevaar is egter dat indien die vyand ‘n oop deur sou hê (soos ons nou later uitgevind het met die Doop van Gelowiges wel die geval was) dan kan die gawes geestelik besoedel word en is dit somtyds uiters moeilik om te onderskei of bv. ‘n visioen of woord van kennis of profesie nou uitsluitlik van die Heilige Gees af is of nie. Telkens en in retrospek was die gawes inderdaad in die krag van die Heilige Gees maar die Kundalini kon dit ook besoedel het op ‘n manier wat so fyn is dat dit skaars onderskei kan word en dus tot misleiding kon aanleiding gee.
- Ons het deurgaans die getroue beskerming van ons Here Jesus Christus ervaar maar ook baie teenaanvalle deur die vyand, veral na ons territoriale opdragte uitgevoer het. Ons het groot territoriale opdragte vir ons Here Jesus Christus uitgevoer in die grootste outoriteit en absoluut geglo dat ons onder Sy bloed se beskerming feitlik onaantasbaar deur die vyand sal

wees. Dit was werklik glorieryk om as warriors reg oor Suid-Afrika so eensgesind te kon funksioneer en ons was regtig ‘n gedugte span geestelike krygers met kennis van die geestesrealm en die vyand se koninkryk wat werklik baie goed te pas gekom het. Groot was ons ontnugtering egter toe ons later in groepsverband moes uitvind dat die vyand ons bv. almal in die gees onderstebo gekruisig het (net soos vir Petrus!) en dat verskeie goed (DSK’s en DID’s van onder andere die Pous en die Vatikaan, die wêreldwye Illuminati soos bv. Koning Charles (en voorheen Koningin Elizabeth), Vladimir Putin, die president van Amerika asook senior lede van die CIA in Amerika asook vele skerpskutters) in ons almal ingekom het tydens en na van ons opdragte met die doel om ons te vernietig. Weereens moes ons baie geestelike oorlogvoering doen om net eers weer al hierdie teenaanvalle van die vyand na die territoriale opdragte af te weer alvorens ons kon aangaan. Jesus was egter (soos altyd) getrou en het telkens die teenaanvalle en strategieë van die vyand aan ons openbaar en ons deur Sy Gees stap-vir-stap gelei om ook weer skoon en vry te kom!

- Tydens die bediening van ‘n sekere persoon (wat vir ‘n ruk in Amerika gewoon het en redelik diep in New Age was asook persoonlike kontak met die CIA gehad het) het ons dan ook ‘n geweldige geestelike aanval vanuit die Vatikaan en ook die CIA beleef met DSK’s en DID’s van etlike skerpskutters (“assassins”) en ook selfs van Petrus van die Bybel (wat werk met die opdrag om die krygers van Jesus sover te kry om Jesus Christus te verloën) asook en veral van Judas Iskariot (wat ten doel gehad het om die krygers sover te kry om hul mede-krygers en dan ook vir Jesus te verraai en hul mede-krygers in die rug te steek). Ons het hierdie DSK’s en DID’s van “assassins” in ons mede-krygers gekry en dit was geen grap nie, veral die DID’s op menslike geesvlak wat gesê het dat hul opdrag is om ons “uit te haal”. Hierdie DID’s het gepaardgegaan met baie sterk gedagtebeheer en programmering en enkele krygers het ook as gevolg van die Petrus en Judas DID en gedagtebeheer strategie van die vyand geval. Ek het dan ook persoonlik in die fisiese realm ‘n aanval van ‘n skerpskutter ervaar maar Jesus het die volle impak daarvan met die krag van Sy bloed gekeer. Ek het wel die skoot op my voorkop tot ‘n mate fisies ervaar en moes daarna genesing en bevryding daarvoor ontvang om dit in die gees aan te spreek maar daar was geen blywende skade of letsels nie. Weereens Jesus is getrou!
- Aanvanklik het ons werklik die mees glorieryke tyd saam as Jesus Christus se eindtydkrygers gehad. Ons was geestelik broers en -susters van mekaar en het saam aanbid en geestelike oorlogvoering gedoen en so baie geleer. Ons het mekaar liefgehad met die *agapé* liefde van Jesus Christus en het

meermale vir mekaar gesê dat ons nader aan mekaar is as ons aardse familie. Wonderlike tye van saamwees as geestelike familie is geniet en dit sal altyd kosbare herinneringe wees. MAAR, na die eerste 7 jaar het daar toenemend meer verdeeldheid in ons groep begin tree vanweë verdagmakery, wantroue, beskuldigings en aantygings en dit het spoedig verder omgesit in verwerping en liefdeloosheid en soms selfs in rugstekery en verraad deur mede-gelowiges. LET WEL dat ek nie myself verontskuldig in hierdie dinge nie en dus ook nie my eie aandeel daarin ontken nie maar dit is duidelik in retrospek dat die vyand maar die swakhede in elke kryger se mondering uitgebuit het en gebruik het om op die ou einde soveel as moontlik verwoesting in ons groep krygers aan te rig. Dit is ook maklik om as dinge begin verkeerd loop of moeilik raak die leierskap van 'n bediening te begin blameer en aantygings te maak soos bv. dat ons nou sodanig "besmet" is deur die vyand en dat almal wat met ons te doene het ook "besmet" sal raak. Deur op so 'n manier verdagmakery en wantroue te skep kon die vyand ons wonderlike *agapé* liefde verder aanval asook ons goeie naam sleg maak en op die ou einde 'n wig tussen ons en ons mede-krygers begin indryf.

- Ons het voortdurend uit die mond van die vyand in sessie-verband en andersins gehoor dat bv. 'n betrokke DSK in die groep ingekom het (bv. 'n sekere heks, satanis of Vrymesselaar) as gevolg van ons sielsbande met bv. 'n sekere mede-gelowige. Ons kon nooit verstaan hoe dit kon wees nie want, volgens ons, het ons net heilige sielsbande gehad met die betrokke persoon. Dit is ook nie dat die vyand vir ons gejok het nie want ons het inderdaad die betrokke DSK's ens. (wat dan nou deur die betrokke krygers in die hele groep sou ingekom het) in mekaar gekry wanneer ons individueel en in groepsverband mekaar bedien het. Dit het 'n groot rol gespeel daarin dat ons naderhand teen mekaar begin draai het en mense wat van ons af weggedraai het het naderhand ons begin blok op whatsup ens. Ons het ook selfs mede-krygers begin waarsku teen sielsbande met sekere ander want die vyand het ons gedurig daarop attend gemaak dat sekere DSK's in ons geinfiltreer het deur ons sielbande met die betrokke persone. Dit laat mens amper dink aan die geestelike praktyk van "skoonsny" met sekere "ongewensdes" wat in die Spade Reen onder Ouma Fraser se *regime* plaasgevind het! Dit wys vir ons duidelik dat dieselfde gees (naamlik die gees van die vyand, die Kundalini) nie net by Spade Reën verwoesting gesaai het nie maar ook by ons ingewerk het!
- Moegheid en moedeloosheid het naderhand in die groep begin intree . Ons het ook ervaar dat bitter min ander mense "opstaan" en ook begin bedien. Ons kon dit nie verstraan nie en het meermale gedink: *"Maar dit kan mos*

nie wees dat ons almal moet bedien nie? Wat van al die krygers wat ons in die afgelope 7 tot 8 jaar opgelei het?" Kroniese uitputting het later begin grens aan uitbranding. Mense snap die geestelike beginsels wat ons hulle leer maar sukkel om dit self toe te pas … Dit word 'n moeilike en 'n lang pad om vry te kom. Hoe pas dit in by Jesus wat sê: *"Sy las is lig en sy juk is nie swaar nie"?* Dit het ook naderhand geword soos die "Jacob's ladder" van vrymesselary deurdat dit vir ons gevoel het ons is besig om die leer van heiligmaking te klim om so skoon en vry te kom maar dit het meer en meer begin voel soos "werke" want nes ons dink ons moet darem nou amper bo wees dan besef ons dat ons steeds nie heeltemal vry en skoon is nie. Rooi ligte het vir ons begin flikker maar ons het nie verstaan nie….

- Soos wat so baie in die Liggaam van Jesus Christus gebeur, het mense onbewustelik begin om agter ons aan te loop en ons op 'n podium geplaas in plaas daarvan dat hul agter Jesus aangeloop het. Dit was ten spyte daarvan dat ons altyd vir mense gesê het dat hulle asseblief nie agter ons moet aanloop nie maar slegs agter Jesus aan. Dit het 'n geestelike afhanklikheid by baie mense begin skep en ook miskien daartoe bygedra dat geestelike hoogmoed by meer as een van ons sy lelike kop begin uitsteek het. Ek onthou nog hoe die vyand (DSK/DID) by meer as een geleentheid vir ons gesê het: *"Ons wag net dat julle "pride" ontwikkel, dan kan ons julle "uithaal"."*
- Senior hekse asook vrymesselaars in ons omgewing het konstant in die mense ingekom wat ons bedien het en ons moes in die sessies telkens hoor: *"Ek het ingekom toe hy/sy hier in my area by die toegemaakte area se sekuriteitshek ingery het"* en *"Ek het in hom/haar ingekom en het opdrag (van die vyand) om die sessie te blokkeer!"* Wat sou die vyand dan die reg verleen het om dit te doen? Die persoon was dan ook telkens 'n Gees- en watergedoopte (deur volle onderdompeling) gelowige wat omtrent alle moontlike vloeke reeds gekanselleer en verloën het deur die Warrior Skool?
- Nog so 'n voorbeeld is dat ons bv. sou kry dat 'n Gees- en watergedoopte (deur volle onderdompeling) gelowige sou ry van Gauteng af en wanneer die grens van Kwazulu-Natal oorgesteek word dan kom daar 'n sekere sangoma in hom/haar in wat baie senior in daardie gebied is. Nog 'n voorbeeld is dat 'n soortgelyke gelowige bv. in 'n sekere winkelkompleks sou ingaan en deur 'n betrokke geestelike poort stap en dan moet ons hoor wat het alles nou weer daardeur ingekom in die gelowige in. Ons het eenmaal 'n man bedien in wie ons verskeie DSK's en demone gekry het (in verskeie sessies) wat vertel het hoe hulle op elke plek op die aardbol (onheilige grond) waar hy al gereis het in hom ingekom het! *Crazy!!* Dit het

ons laat dink dat ons as gelowiges nêrens heen kan ry/reis voor ons nie eers gebid het en onsself met Jesus se bloed afgeseël het nie.

- Ons moes tydens ons warriornaweke en ander byeenkomste as krygers van Jesus Christus ook konstant vloeke oor onsself en oor ons mede-krygers breek, maar KONSTANT, en wanneer ons agterna toets of daar wel goed in ons ingekom het as gevolg van die vloeke, dan was hulle wel daar (bv. DID"s van 'n sekere sangoma, heks of satanistiese coven of senior plaaslike vrymesselaar asook gereeld die wêreldwye Illuminati en telkens ook die Pous!) Die Pous was menigmaal (die Swart Pous) heel bo-aan die betrokke DID en DSK vestings wat ons gekry het in onsself en in mekaar en wat sogenaamd gevorm het as gevolg van die vloeke wat teen en oor ons gespreek is. Ons moes dan ook meermale hoor dat dieselfde agente van die vyand (DSK's en DID's) nou weer in ons hele groep ingekom het vanweë die vloeke wat nou weer oor ons gespreek is (dikwels vanuit die Vatikaan)(NB)) – *Crazy!!* (Vandag en in retrospek maak dit egter vir ons wel sin dat die Vatikaan en Pous so heeltyd in die Gees teen ons gekom het aangesien die vyand waarskynlik wou probeer stop dat ons by die openbaringe kom wat Jesus aan Sy Bruid openbaar in die lering van *Come out of her* (die Rooms Katolieke Kerk oftewel Babilon) *My people*.)
- Ons was meer as een keer genooi om in die Kaap te kom bedien en telkens moes ons eers omtrent 'n driekwart van die dag geestelike oorlogvoering doen om al die vrymesselaars van ons eie omgewing asook van die omgewing waar ons in die Kaap bedien het as DSK's maar ook as DID's in die hele groep aan te spreek want hulle het ons dag probeer frustreer en geestelik blokkeer. Eers nadat Jesus al hierdie goed verwyder het, kon ons (amper moedeloos en reeds pootuit) begin om die mense individueel te bedien. Nieteenstaande was Jesus egter weereens elke keer getrou en het Hy aan ons die oorwinning gegee oor die vyand en het ons ook gesien hoe die individue wat ons wel kon bedien, groot vryheid en genesing ontvang.
- Gelowiges van Mpumalanga wat ook ons Warrior Skool kursus suksesvol voltooi het het een naweek na ons huis toe gekom vir bediening tydens 'n Warrior Skool naweek. Dit blyk toe spoedig die Saterdagoggend dat ons weereens in die gees geblokkeer en gefrustreer word want omtrent al die hekse en sangomas van daardie area het saamgekom en was besig was om om ons huis te "astral" (astraal te projekteer) en was ook besig om vloeke oor ons te spreek. Natuurlik was meeste van hierdie hekse en sangomas ook in die mense van Mpumalanga wat ons wou bedien en om alles te kroon het hulle telkens in die mense in ge"astral" tydens hul bedieningsessies! *Crazy!!* Ons het hierdie fenomeen dat "astrals" (astrale geeste) in"astral" in mense in wat ons bedien maar daaraan toegeskryf dat

die DSK en/of DID van die betrokke heks/sangoma dan in die persoon is en dat dit die vyand die reg sou gegee het om die astrale geeste te laat in"astral" in die persoon in. Ons het egter weer telkens geworstel met die vraag: *"Maar waar is die krag van Jesus se bloed dan en dien die Doop van Gelowiges dan nie as beskerming nie? Wat sou aan die vyand die reg verleen om astrale geeste so in mooi kinders van die Here te laat in"astral"?"* Ons het dan ook altyd voor die tyd gebid en afgeseël met die bloed van Jesus en gevra vir beskerming asook nagmaal gehou. Ons het ook nog verskeie ander kere beleef dat astrale geeste in mooi kinders van die Here (wat ons besig was om te bedien) in-astral en op hierdie manier poog om die sessie te blokkeer. Dit is onnodig om te sê dat dit ook baie trauma veroorsaak het, beide vir die persoon wat bedien is en vir ons.

- Op die plaas gekom was dit asof die vyand ons vooruitgegaan het en die grondgebied van die plaas met verskeie geestelike strikke vir ons belaai het ten einde seker te maak dat ons nie sukses sal kan behaal nie. Hier het Jesus weereens egter vir ons die oorwinning gegee deur elke keer vir ons te wys wat dit was op die grondgebied en dan kon ons dit in gebed aanspreek en die grondgebied skoonmaak. Jesus is getrou!
- Hier op die plaas het ons steeds beleef dat sataniste en hekse op grond van vloeke wat teen ons gespreek is in die hele groep mede-krygers inkom as DSK's en ook as DID's wat op grond van die heksery gevorm het. Wanneer ons sou vra wat hulle die reg gegee het om in die hele groep in te kom, het ons telkens gehoor dat dit is as gevolg van ons eensgesindheid en ons heilige sielsbande! *Crazy!!*
- NB: Die Pous en Vatikaan en wêreldwye Illuminati het ons konstant (op grond van vloeke wat oënskynlik teen ons maar ook teen die Bruid van Jesus Christus wêreldwyd gespreek is) geinfiltreer as DSK's en DID's en wou konstant ons sessies en bedieningsnaweke opponeer. Ons het nooit verstaan wat die Pous dan nou die reg sou gee om in ons almal in te kom nie maar verstaan nou meer teen die konteks van die dwaling oor die Doop van Gelowiges en die Nagmaal en ook dat die vyand waarskynlik voorkennis gehad het dat Jesus aan ons hierdie dwalinge sou openbaar tot voordeel van Sy eindtydbruid. Nou, iemand sou seker nou kon sê: *"Jy sien, ons was reg, die Pous was in hulle almal in IIC gewees!"* Maar ons moet verstaan dat hierdie demoniese vestings van die Vatikaan en die wêreldwye Illuminati dan waarskynlik ook in alle gelowiges in Jesus Christus is wat deur die Doop van Gelowiges (deur volle onderdompeling in water) is en dat dit bloot by ons ontbloot en ontmasker is omdat ons mekaar so gereeld en aanhoudend met innerlike genesing en bevryding bedien het. Baie ander "Christelike" bedieninge sit waarskynlik met dieselfde "trojaanse perd" van

demoniese vestings in hulle (vanweë die Doop van Gelowiges en die Nagmaal) maar dit word net nooit getoets en ontmasker nie omdat die regte tipe bevryding nie gedoen word nie. Die Kundalini blok dan ook telkens deurbrake tydens bevryding aangesien dit die werking van die Heilige Gees opponeer. Dus, ander bedieninge sou moontlik kon sê: *"Maar ons het bevryding gedoen en hierdie goed is en was nie by ons aanwesig nie"*. Ons moet egter onthou dat Kundalini versterk word deur die nagmaal en 'n groot oop deur het deur die Doop van Gelowiges en dus kon die vyand deur die werking van die Kundalini hierdie "trojaanse perd" weggesteek het en hierdie ander bedieninge mislei het om te glo dat hierdie vestings nie by hulle aanwesig is nie.

- Ons het ook feitlik konstant ervaar dat die vyand mense na ons toe gestuur het om ons intern aan te val, 'n bedieningsnaweek te ontwrig of geestelike blokkasie te veroorsaak. Dit het naderhand BAIE frustrerend geword en gedreig om 'n mens so moedeloos te maak dat jy net alles wou stop. Ek het egter net die heeltyd geweet dat ons moet volhard en vasstaan en dat Jesus getrou is.
- Baie van ons het gesondheidsterugslae beleef (sommige meer ernstig as ander) en in my geval het ek na so die eerste 4 tot 5 jaar begin om erge rugpyn te beleef (veral in die aand as ek gaan lê het), erge spier- en gewrigspyne (so erg dat ek by tye gesukkel het om te loop), rustelose bene en voete veral in die aand wanneer ek wou slaap, slegte slaap en rusteloosheid (ek is baie aangeval in die nag en moes telkens opstaan om te gaan bid), sommige van ons het konstant erge nagmerries gehad van 'n uiters demoniese aard, slapeloosheid, moegheid en uitputting wat net al hoe erger geword het. My voetsole het ook by tye so gebrand dat ek nie op dit kon trap of loop nie. Somtyds in die geval van heksery en vloeke wat teen ons gespreek is sou ek geweldige kopseer ontwikkel en een keer toe ons besig was om mede-krygers aan die Weskus te bedien het dit my so erg geaffekteer dat ek letterlik tydens die bediening moes gaan lê het. Daardie selfde aand het ek ook vreeslik kopseer gehad en opgegooi en omtrent nie 'n oog toegemaak nie. Later en na die einde van die 12 jaar se kant toe het ons ook toenemend angstigheid en rusteloosheid begin ervaar. Tydens Covid (waartydens beide ek en my man (asook mede-warriors) meer as een keer siek geword het), het baie van ons selfs 'n gevoel van godverlatenheid en hopeloosheid ervaar. Van ons meer senior mede-krygers het selfs getuig dat hulle (tydens die siekte) selfs by tye getwyfel het in hul redding!
- Hierdie tydperk is ook deurgaans gekenmerk deur geestelike wipplank-ryery. Ons het aanvalle beleef, dan beleef ons weer hoe Jesus ons vrymaak en help en dan weer die volgende aanval en dan hoe Jesus ons help ens.

Ons was dus óf op ‘n geestelike “high” óf op ‘n “low” maar selde net rustig en stabiel en tevrede.

- Ernstige verdeeldheid het ongelukkig aan die einde van die 12 jaar tydperk in IIC begin ontstaan, ‘n gesindheid van foutsoekery, veroordeling, opsetlike seermaak van mekaar, onvergewingsgesindheid, geestelike hoogmoed en naywer, beheer en dominering, verwerping van jou mede-krygers en vriendskappe asook geestelike bande wat oor jare gevestig is wat in ‘n oomblik net afgeknip word ens. Soos ek reeds gesê het verskoon ek nie hier myself of my man se aandeel in dit alles nie. Ek dink, in retrospek, dat die vyand ons almal feitlik bloots gery het en sy beste probeer het om elke kryger se swakplekke te gebruik om ons op die ou einde uitmekaar te jaag. Ons het ook deurgaans baie onmin, verdeeldheid en geestelike naywer tussen die verskeie eindtyd bedieninge in Suid-Afrika ervaar.
- MAAR ons kan ook deurgaans getuig daarvan dat nieteenstaande al die vyand se pogings om ons te stop het Jesus in die krag van die Heilige Gees ALTYD vir ons die oorwinning gegee. Hy was ALTYD getrou!

Jesus Christus was en is dus deur dit alles getrou en Hy het ons nie vir een oomblik gelos nie. Wanneer ons uitgeroep het na Hom toe was Hy daar en het Hy ons gehelp. Ons was ook altyd seëvierend in Hom en het telkens as oorwinnaars uit die geestelike stryd getree.

VANDAG KAN ONS EGTER GETUIG DAT GEESVERVULDE EN WATERGEDOOPTE (DEUR VOLLE ONDERDOMPELING) GELOWIGES INDERDAAD GEBUK GAAN ONDER VERSKEIE BLOEDLYNVLOEKE EN DAT DAAR ETLIKE DUISENDE AGENTE VAN DIE VYAND IN HULLE IS (ONDER ANDERE DSK’S, DEMONE, STERKMANNE, DID’S ENS.) WAT OOK NOG BAIE KRAG HET IN DIE MEESTE GELOWIGES EN DAAROP UIT IS OM HUL TE VERNIETIG OP ELKE VLAK.

ONS KAN VERDER GETUIG DAT TALLE “GEESTELIKE GEVANGENES” (DSK’S EN DID’S (VAN DIE MENSLIKE GEES)) GEVANGE GEHOU WORD DEUR DIE VYAND IN GEESTELIKE PLEKKE ONDER SY BEHEER TEN OPSIGTE VAN GELOWIGES WAT DEUR DIE DOOP VAN GELOWIGES DEUR VOLLE ONDERDOMEPLING IN WATER IS! HIERDEUR BLY DIE GELOWIGES GEBIND EN HET DIE VYAND DIE KRAG OM VERNIETIGEND OP HUL LEWENS TE BLY INWERK. (DIT IS DIE EFFEK WAT SEREMONIES EN RITUELE OP WEDERGEBORE GELOWIGES IN JESUS CHRISTUS HET!)

Die Kundalini (vals heilige gees oftewel die gees van die vyand) was ook oënskynlik iets wat meeste mede-krygers nie sommer permanent van ontslae kon raak nie. Ons sou dit bv. meermale in dieselfde kryger aanspreek (somtyds gepaardgaande

met hewige manifestasie) net om dit ‘n rukkie later in dieselfde kryger weer teë te kom! Die Kundalini moes dus nog ‘n reg in die groep en in die individuele krygers gehad het om telkens maar weer sy kop uit te steek en te manifesteer en te probeer om ons te mislei!

Dit het deurgaans ook nie vir ons sin gemaak dat daar nog soveel bloedlynvloeke in ons mede-gelowiges (wat almal gedoop is as gelowiges deur volle onderdompeling in water) is nie en ons kon ook nie werklik die vraag antwoord hoekom dit so is indien Jesus dan vir ons ‘n vloek geword het aan die kruis nie. Al wat ons geweet het is wat ons in die bedieningskamer oor die 12 jaar tydperk gesien en ervaar het (binne die konteks van die Doop van Gelowiges) en dit het ons verwysingsraamwerk geword.

Ons het ook ernstige vrae begin vra oor waar die vyand nog die reg kon kry om ons en ons mede-gelowiges so aan te val na soveel jare van bevryding en genesing en of die bloed van Jesus Christus dan nie effektief is om ons te beskerm nie.

Ons het ook meer as een keer vir mekaar gevra: *“Maar hoe moet ander mooi kinders van die Here vrykom wat dalk in ander dele van die wêreld leef en wat waarskynlik nooit met al hierdie geestelike konsepte sou kennis maak nie en ook nie die geleentheid kon hê om dit te leer hanteer nie? Dit maak mos nie sin dat net ons wat nou hierdie dinge geleer het en verstaan kan vrykom nie?”*

Nooit het ons egter kon dink dat die Doop van Gelowiges (deur volle onderdompeling in water) nooit ‘n opdrag van Jesus was nie en inderdaad ‘n inisiasieritueel is wat ‘n verbond met die vyand daarstel nie. Ons sou ook toe nooit kon dink dat ons nog daagliks die opgestane Jesus se krag deur Sy Heilige Gees in ons deur die Nagmaal kruisig en op hierdie manier ook aanhou om aan die Kundalini in ons krag te verleen nie. Hierdie openbaringe oor die Doop van Gelowiges en die Nagmaal verduidelik nou vir ons baie dinge en ek vertrou dat Jesus deur Sy Gees ons ook spoedig nog meer sal leer.

6. <u>IIC en Spade Reën: Die waterskeidingsmoment – “*Om gemeet te word met die maat waarmee ons gemeet het”* (Lukas 6:38)</u>

Reeds in die dae toe ons nog in die stad gebly het en warrior-naweke by ons huis aangebied het, het daar verskeie oud-Spade Reëners (Blourokke) na ons toe gekom vir bediening. Ons het van hulle persoonlik in die aande en oor naweke bedien en andere in groepsverband tydens die warriornaweke. Telkens het daar baie sterk demoniese bindinge in hul na vore gekom (soos in ons Spade Reën lering meer volledig uiteengesit) en ons het baie inligting ingesamel wat tydens hul sessies deur die Heilige Gees geopenbaar is (beide geskrewe en op video).

Op die plaas is die bediening van sekere oud-Spade Reëners voortgesit en steeds het ons die ernstige bindinge by hulle gekry tot so ‘n mate dat ons gelei gevoel het deur die Heilige Gees van Jesus Christus om met die leierskap van Spade Reën daaroor te gaan praat. Ons het ‘n baie lang dokument op skrif gesit en dit vooraf aan hul gestuur en gevra vir ‘n vergadering. Ons wou ook sekere van ons video-opnames vir hul wys. Tydens die vergadering wou die leierskap van Spade Reën egter nie na enige van ons video-opnames van die demoniese vestings (wat ons in die oud-Spade Reëners gekry het) kyk nie en het hul ons verseker dat niks wat ons in ons dokument gesê het (van die geestelike bindinge wat ons in die oud-Spade Reëners gekry het) vir hulle nuut is nie, dat hulle daarvan bewus is en dat hulle dit alles alreeds intern aangespreek het.

Ons het verslae daardie dag van die Spade Reën se hoofkwartiere in Jatniel, Benoni, weggery en gewonder hoekom Jesus ons dan na hulle toe gestuur het indien daar dan, volgens hulle, geen fout is nie.

Ons het egter ‘n onklaar gevoel gehad in ons gees en het intussen voortgegaan om sekere oud-Spade Reëners verder te bedien. Dit is toe dat die Heilige Gees aan ons geopenbaar het dat Helena Blavatsky (stigteres van die Theosophical Society) in al die oud-Spade Reëners is vanweë die feit dat hul stigteres Ouma Martha Maria Fraser waarskynlik die boeke of leerstof van Helena Blavatsky en/of die Theosophical Society op ‘n stadium moes bestudeer het. Dit is dan ook presies wat ons in al die oud Spade Reëners wat ons bedien het gekry het (soos meer duidelik sal wees uit ons lering oor die Spade Reën). In retrospek en met die openbaring van die Heilige Gees oor die dwaling van die Doop van Gelowiges (deur volle onderdompeling in water) en die Nagmaal, weet ons egter nou dat DIE OORSPRONG VAN DIE BINDINGE IN SPADE REËN VEEL DIEPER AS NET BY HELENA BLAVATSKY LÊ MAAR OOK EN VERAL IN DIE DRIE-VOUDIGE ONDERDOMPELINGSDOOP WAT DIE LIDMATE VAN SPADE REËN ONDERGAAN HET EN WAT SO ‘N DRIE-VOUDIGE VERBOND MET ELKEEN VAN DIE ONHEILIGE DRIE-EENHEID IN PLEK GESIT HET.

Oortuig dat ons nou die uiteindelike oorsprong en oorsaak van die bindinge in die Spade Reën gevind het (naamlik Blavatsky) het ons begin werk aan ‘n lering om dit in die lig te bring sodat die gevangenes vrygemaak kan word. Ek het instinktiewelik geweet dat hierdie lering vir ons as IIC ‘n groot risiko inhou en dat dit moontlik ook ‘n lokval van die vyand kan wees want daar is ‘n geestelike reël wat sê: *”met die maat waarmee julle meet, sal daar ook vir julle gemeet word”* (Lukas 6:38). Ons het dus geweet dat sou ons hierdie dinge in die Spade Reën (en veral in hul stigteres Ouma MM Fraser) in die Lig bring en openbaar en enige van dit sou ook op ons van toepassing wees, dan sal dit die vyand die volste reg gee om ons ook aan te val en selfs te verwoes.

Op hierdie punt het ek dan ook baie kritiek en teenstand van my mede-krygers gekry en baie het sterk gevoel dat IIC nie hierdie lering oor die Spade Reën behoort uit te bring nie. Ek het egter net geweet dat Jesus ons geroep het vir hierdie werk en dat ons dit in die Lig moet bring ten einde die geestelike gevangenes te laat vrykom. Dit is ook deel van wat Jesus in Sy woord sê dat in die einde van die tyd sal alles wat geskud kan word geskud word en dat net dit wat op die hoeksteen van Jesus Christus gebou is sal bly staan (Heb. 12:27). In my gees het ek dus vir Jesus gesê: *"Dit is dan reg so Jesus, indien ons wat IIC is ook geskud moet word en indien enige onware hoeksteen ook op hierdie manier by ons geopenbaar moet word, dan is dit reg so. Nie ons wil nie maar U wil, nie ons Koninkryk nie maar U Koninkryk."*

Met die uitbring van die Spade Reën lering het nog mede-krygers van IIC af weggedraai en ons interne verdeeldheid het 'n onherroeplike hoogtepunt bereik. Die hartseerste moment van die volle 12 jaar vir ons was toe die binnekring van die bediening finaal geskeur het. Daarmee saam het die krygers wat saam met ons geestelik gereis het ook in verdeeldheid die een na die ander begin wegdraai. Intussen het ons finansies in IIC ook stelselmatig minder geword en later feitlik heeltemal opgedroog.

In IIC en onder die enkele krygers wat nog saam met ons was het ons verdere aanvalle beleef en dit het na die Spade Reën lering geintensifiseer. Etlike Ou Testamentiese vloeke het ons getref (bv. die melaatsheid van Miriam (Moses se suster) – geestelike melaatsheid) asook die vloek van Jotham wat algehele dood en vernietiging behels. Ons kon nie verstaan hoe hierdie Ou Testamentiese vloeke ons nog kon tref nie en hoekom die bloed van Jesus Christus ons dan nie beskerm het nie.

Een aand het ek en my man selfs 'n "bloedbom" beleef wat na ons toe gegooi is in die gees. Ons het geslaap en in die middel van die nag wakker geword van 'n harde slag wat die mure van ons huis letterlik laat skud het! Ons het beide gelyk wakker geskrik en vir mekaar gevra wat dit kon wees wat ons gehoor het. Ons kon egter niks fout kry nie en selfs die volgende oggend kon geen teken van wat gebeur het gevind word nie. Ons honde wat by ons in die kamer slaap het het egter nie eers wakker geword van die slag nie en toe ons die volgende oggend daaroor bid en vir Jesus vra wat gebeur het het die Heilige Gees aan ons geopenbaar dat dit bloot in die gees was. Jesus het ons egter wel afgeseël en beskerm met Sy bloed sodat dit nie ten volle kon penetreer na die fisiese realm toe nie. Dit is toe dat ons besef het dat dit waarskynlik 'n bloedbom moes gewees het. Dit was 'n erkende praktyk van die Spade Reëners in Ouma Fraser se tyd om so teen hul teenstaanders geestelike oorlogvoering te doen deur 'n sg. "gemanifesteerde geloofsaksie" te doen waardeur hul dan die bloed van "jesus" sou neem en dit gooi na hul teenstaanders of vyande toe. Vandag weet ons egter dat so iets (wat gereeld in die tyd van Ouma

Fraser gebeur het) uit-en-uit heksery is en dat ons as gelowiges wat leef in die Nuwe Verbond nie meer nodig het om profetiese aksies of enige rituele of seremonies te doen nie (verwys ons lering oor die Spade Reën vir meer inligting en ‘n beter verstaan).

Ons het besef dat daar nog ‘n ernstige oop deur in die bediening moet wees wat maak dat Jesus se bloed ons nie ten volle kan beskerm nie en wat die oorsaak daarvan is dat al hierdie vloeke en aanvalle deurkom. In my uitroep na die Here toe het ek ervaar die Here sê vir my dat daar fout is met die Doop van Gelowiges. Ek het toe onthou van ‘n persoon wat vir my nie lank terug nie ‘n e-pos gestuur het wat vertel van hoe hy op ons webblad gesien het dat ons doop in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees en dat dit nie korrek is nie maar dat ons slegs in die naam van Jesus moet doop. Dit was dan ook gebasseer op die feit dat Mat. 28:19 nie suiwer is nie maar deur die Rooms Katolieke Kerk (“RKK”) ingevoeg is en ook op die dogma van die RKK se vals drie-eenheid. Ek het (nadat ek my eie ondersoek ook gedoen het) onmiddelik ingesien dat Mat. 28:19 nooit die woorde van Jesus kon gewees het nie en dat dit wel deur die RKK so ingevoeg is asook die valsheid van die dogma omtrent die vals drie-eenheid wat ook vanaf die RKK oorgelewer is. Baie opgewonde het ek geglo dat dit ons antwoord is en dat ons almal weer gedoop moet word in die naam van Jesus alleen. Ek het dan ook ‘n lering tot hierdie effek opgestel en dit vir ‘n kort rukkie op YouTube vrygestel maar het dit onmiddellik teruggetrek toe ek onraad begin vermoed het. Ons en enkele van ons mede-warriors is dan ook weer gedoop in die naam van Jesus Christus alleen.

Ons vra weereens opreg om vergifnis vir almal wat ons in die eerste plek gedoop het as gelowiges deur volle onderdompeling in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees maar dan ook in die tweede plek vir almal wat ons in die naam van Jesus alleen gedoop het. (Vandag weet ek egter dat Jesus dit alles toegelaat het sodat ons kon leer en eerstehands alles ervaar en die volle pad moes stap sodat ons op die ou einde die volle openbaring kon kry en andere kan waarsku.)

Aanvanklik het dit goed gegaan na die doop in die naam van Jesus maar stelselmatig het ek (en mede-krygers) ervaar dat daar ‘n baie subtiele verskil in ons ingetree het maar wat nie van die Heilige Gees afkomstig was nie. Sommige van ons, ek inkluis, is ook redelik ernstig aangeval en ons het onraad vermoed: *“Here, is als reg? Ons het dan gedink ons is nou volledig afgeseël met die bloed van Jesus en nou?”*

Intussen het ek begin werk daaraan om ons dokument oor die Doop van Gelowiges te hersien en dit in lyn te bring met die feit dat ons net in Jesus se naam alleen gedoop moet word. Waar ek altyd baie passievol oor die Doop van Gelowiges was

en letterlik ure lank daaroor met iemand kon praat, het ek nou skielik net geen salwing meer ervaar om die dokument te hersien nie. Daar het ‘n doodsheid oor my gekom as ek net aan die Doop van Gelowiges gedink het en ek het absoluut geen salwing ervaar om die dokument te hersien of om ooit weer met iemand oor die doop te praat nie(!?)

Skielik het die vraag by my opgekom: *“Maar as Jesus dan volgens die ou geskrifte van Eusebius, net gesê het “preach repentance” en niks gesê het van doop nie … waar het Jesus dan gesê ons moet gedoop word in water?”* Dit het my baie gepla en ek het begin om te bid en te soek na waarheid oor die Doop van Gelowiges … Ek kon geen Skrif vind wat onteenseglik ‘n bewys daarvan is dat Jesus self gesê het dat ons gedoop moet word in water en dat ons andere moet doop nie. Hierdie onbetwisde opdrag van Jesus in die geskrewe Woord moet tog daar wees ten einde dit ‘n heilige sakrament te maak? Ek was vir dae in baie groot skok en geestelike trauma toe die waarheid vir my begin deurskemer dat die Doop van Gelowiges dalk glad nie van Jesus Christus afkomstig was nie …! Dit was asof my hele geestelike mat onder my uitgeruk was …

Daar het die reis toe begin om te soek na die waarheid en Jesus Christus was so getrou, Hy het my letterlik stap vir stap en treetjie vir treetjie na die waarheid toe gelei. Op elke vraag wat ek gehad het het die Heilige Gees my gelei op ‘n ontdekkingstog wat uiteindelik ook daartoe gelei het dat die Here deur Sy Gees vir my gewys het dat ook die Nagmaal nie deur hom ingestel was nie maar ‘n oorgelewerde heidense gebruik vanuit die RKK is. Eers toe ongeveer alles aan my deur die Heilige Gees geopenbaar is, het die Here dit so mooi bymekaar getrek deur vir my te wys dat dit is wat Hy bedoel het in Openbaring 2:20 en toe kom die naam van die lering *“Come out of her My people”* (Openbaring 18).

Dit is baie belangrik om hier van kennis te neem dat hierdie openbaring nie (soos soms in die verlede in IIC gebeur het) in die bedieningskamer deur die mond van die vyand gekom het nie. Allermins! Tot die teendeel het die vyand deur die mond van DID’s en DSK’s in hierdie geval vir ons die teenoorgestelde gesê en moes ons later besef dat dit misleiding was! Bv. die vyand het in ‘n mede-kryger as DID gesê (net nadat die mede-kryger slegs in die naam van Jesus gedoop is) dat hul laas so verslaan gevoel het as toe Jesus aan die kruis gehang het!! Luister mooi hoe misleidend … want hul het nie verslaan gevoel toe Jesus aan die kruis gehang het nie … nee, die hele demoniese koninkryk het waarskynlik gejuig en geestelik feesgevier dat die Seun van God gekruisig is … hul sou slegs verslaan gevoel het toe hul besef dat Hy opgestaan het en inderdaad die sleutels van die doderyk van Satan af weggeneem het!!!

Toe ek begin noem vir die enkele mede-krygers wat nog saam met ons was dat Jesus hierdie dinge aan my openbaar was daar verdere verwerping en wegdraai van mense maar ek het net geweet ek moet aanhou staan vir die waarheid van Jesus Christus en dat dit is waartoe ons geroep is. Ek het toe ook duidelik begin besef dat Jesus die vorige 12 jaar toegelaat het om presies te gebeur soos dit het sodat ons die geheimenisse van die vyand se koninkryk moes geleer het en sodat ons alles moes verstaan ten einde nou op hierdie punt te kon wees, waar ons alles eerstehands ervaar het en eerstehands daarvan kan getuig.

7. Alles sal geskud word en net dit wat op die hoeksteen van Jesus Christus (en wat Hy aan die kruis vir ons gedoen het) gebou is, sal bly staan

In Hebreërs 12:27 sê Paulus dat alles wat geskud kan word geskud sal word en dat slegs dit wat op die hoeksteen van Jesus Christus gebou is sal bly staan.

Dit is wat ons ervaar het in IIC deurdat ons ook toegelaat het dat Jesus ons in IIC moet skud sodat ons hoeksteen getoets en blootgelê kan word en dat alles wat op ‘n verkeerde hoeksteen gebou is sal val en slegs dit wat op Jesus Christus en Sy werk aan die kruis gebou is, sal bly staan.

Vandag weet en verstaan ons dat vanweë ons doop deur volle onderdompeling in water was ons in “dual covenant” (dubbele verbond) ook met die vyand gewees (verwys na ons lering van *“Come out of her My people”*) en het die vyand dus ‘n waenhuis oop deur gehad in die bediening en in ons almal se individuele lewens.

Die netto-effek van die Doop van Gelowiges deur volle onderdompeling in water is dat ons, nadat ons reeds in ‘n huweliksverbond met ons Here Jesus Christus gestaan het as gevolg van ons wedergeboorte en Doping met die Heilige Gees, ons ook weer verder in verbond (onbewustelik) aan die vyand verbind is (eenwording met hom in die water) en dus was die effek daarvan dat ons (soos die Israeliete) weer in “dual” (of dubbele) verbond gestaan het. Anders gestel, met die een voet solied en bewustelik in die Nuwe Verbond, moontlik gemaak vir ons deur die bloed van Jesus, maar terselfdertyd ook onbewustelik met die ander voet (geestelik) in die Ou Verbond want ons het dan steeds geglo daarin dat die werke wat onsself gedoen het in die Doop van Gelowiges ‘n bydrae sal lewer tot ons saligheid.

Deur die Doop van Gelowiges het ons ook onbewustelik die krag van die bloed van Jesus (vir ons gestort aan die kruis) verloën of misken. Dié dat die bloed ons nie so ten volle beskerm het as wat dit moes nie …

Deur die oor en oor viering van die Nagmaal het ons, net soos in die RKK met hul Mis (oftewel “Mass”), die opgestane Jesus in ons (deur Sy Heilige Gees) weer en weer gekruisig en geoffer aan die vyand en daarmee saam ook ons eie lewens! Dit was eerbetoon aan Satan! Dit het die effek gehad dat die krag van die Heilige Gees

in ons (die Boom van die Lewe) afneem en die krag van die Kundalini in ons (Boom van Kennis van Goed en Kwaad – 7 chakras ens.) toeneem.

Kan nie wees nie? Kom ons praat ‘n bietjie oor die Kundalini … Die New Agers en diegene in die oosterse gelowe noem die Kundalini jou “consciousness” met ander woorde die vals heilige gees in ons (vanweë die saad van Satan) werk baie met die “eie ek” … In en deur die nagmaal word die opgestane Jesus in jou (die krag van die Heilige Gees) oor en oor gekruisig sodat jyself (die eie ek wat gesterf het by jou wedergeboorte) weer kan herleef en op die troon van jou lewe terugklim en dat Jesus steeds aan die kruis moet hang (net soos die kruis wat die RKK het waar Jesus steeds aan die kruis hang). Kundalini het dus alles te doen met trots, hoogmoed, verontwaardiging (“offense”), onvergewingsgesindheid, bitterheid, woede, beheer, manipulering, selfbejammering, verwerping, jaloesie, naywer, liefdeloosheid ens. Jesus het dan ook gesê dat in die einde van die tyd sal die liefde van die Liggaam van Christus afkoel. Dit is die werk van die Kundalini en dit gaan oor daardie onheilige drie-eenheid in ons naamlik “Me, Myself and I” wat naderhand so sterk word dat Jesus se Lig nie meer deur ons kan skyn nie en ons heeltyd funksioneer vanuit ons eie verwerping, minderwaardigheid, seer en natuurlik vanuit selfbeskerming. So as jy nog nie volle oorwinning oor hierdie goed behaal het in jou lewe nie, weet dan dat jou “eie ek” vanwee die Kundalini in jou nog te veel krag het en dus nog nie voldoende gekruisig is sodat Jesus Christus alleen op die troon van jou lewe kan sit nie.

8. <u>‘n Ander evangelie, ‘n ander jesus en ‘n ander gees (2 Kor. 11:4)</u>

Paulus praat daarvan dat hy besorgd is dat daar iemand sou kom wat ‘n *“ander evangelie, ‘n ander gees en ‘n ander jesus”* (2 Kor. 11:4) aan die gelowiges in sy tyd sou verkondig. Ons het altyd gedink dat so iets tog nooit van ons waar sou kon wees nie. Toe ons egter tot die volle besef van ons dwaling oor die Doop van Gelowiges (deur volle onderdompeling in water) en van die Nagmaal kom en wat die volle geestelike implikasies daarvan is, slaan die waarheid ons soos ‘n voorhamer tussen die oë … en ons het net besef dat ons ernstig daarvoor om vergifnis sal moet vra, eerstens vir Jesus en tweedens vir ons mede-gelowiges (veral dié wat ons gedoop het).

Kom ons begin by die *“ander evangelie”*:

- Indien ons sou verkondig dat Jesus se bloed alleen nie genoegsaam is om ons van alle sonde te reinig en ons tot volle geregtigheid in Hom te herstel nie maar dat ‘n water onderdompelingsdoop ook nog nodig is … verloën ons nie indirek en onbewustelik die genoegsaamheid van wat Jesus vir ons aan die kruis gedoen het en die krag van Sy bloed nie?

- Indien ons sou verkondig dat Sy Heilige Gees doop (waardeur ons ook wedergebore is) nie genoegsaam is om ons te beklee met krag en outoriteit en die gawes van die Gees nie maar dat ons addisioneel daartoe nog ‘n water onderdompelingsdoop moet ondergaan alvorens die krag van die Heilige Gees in ons ontsluit kan word, verloën ons nie indirek en onbewustelik die doping met die Heilige Gees asook die kragtige werking van die Heilige Gees in ons nie?
- Indien ons sou verkondig dat Jesus nie met die krag van Sy bloed die volle vloek van die sonde oor ons gebreek het aan die kruis nie maar dat ons steeds bloedlynvloeke (sover terug as Adam en Eva) oor ons moet breek, neem ons nie dan weg van die volheid van wat Jesus vir ons kom doen het aan die kruis en gaan ons weer terug na werke toe om daarmee vir onsself ‘n saligheid en geregtigheid voor God te probeer beërwe nie? (Ek verwys hier spesifiek na die lering dat bloedlynvloeke steeds geldig is ten opsigte van wedergebore, Gees- en NB watergedoopte gelowiges.)
- Indien ons sou verkondig dat Jesus se werk aan die kruis vir ons nie eenmalig voltooid was nie deurdat ons nog steeds gereeld dit vir ons moet toe-eien deur die Nagmaal en dat Sy verlossingswerk dus daardeur gereeld in ons “in stand gehou” moet word, verkondig ons nie dan, onbewustelik, dat Sy werk aan die kruis nie voltooid is nie maar steeds en voortdurend toe-geëien moet word nie? Weereens is dit werke, ons moet iets self doen, dit wat Jesus reeds vir ons gedoen het, is nie genoeg nie.
- Indien ons telkens Jesus se dood aan die kruis sou herdenk en vier deur die simboliese eet van Sy liggaam en die drink van Sy bloed in die Nagmaal, verkondig ons nie indirek en onbewustelik Sy dood soos die RKK nie? Behoort ons nie eerder elke dag in oorwinning en vryheid te leef deurdat ons elke dag bly is dat Hy LEEF nie?
- Werke (die Doop van Gelowiges), rituele en seremonies (bv. die Nagmaal) hoort onder die Ou Verbond en nie in die Nuwe Verbond wat Jesus vir ons met Sy bloed moontlik gemaak het nie. Onder die Ou Verbond moes die bloed van die offerdiere voortdurend aangewend word om die volk se sondes skoon te was en hul in die korrekte verhouding tot God te herstel. Met die Nagmaal word in beginsel dieselfde gedoen en daarom is die bloed wat tydens die Nagmaal in die vorm van die wyn of druiwesap geneem word nie ‘n simbool van die ware Jesus Christus se bloed nie maar van die bloed van die Ou Verbond en van die offerdiere wat oor en oor elke keer aangewend moes word ten einde die volk se sondes te versoen en hul saak met God reg te maak.

Kom ons praat nou van die “ander gees”:

- Watter gees gaan vir my sê dat Jesus se werk aan die kruis en my geloof in Hom is nie genoeg nie, ek moet ook nog iets “doen” om geregverdigd te wees voor Sy troon? Miskien dieselfde gees wat vir Adam en Eva in die Tuin van Eden mislei het? Hulle het in perfekte verhouding en intimiteit met Jesus gestaan maar toe kom die slang en sê vir hulle: *“Daar is meer en julle sal soos God word …”?*
- Watter gees gaan vir my sê dat die Heilige Gees Vuurdoop met my wedergeboorte is nie genoeg nie en dat ek iets moet DOEN om meer krag te ontvang en alvorens Jesus Christus aan my die gawes van Sy Gees sal gee?
- Watter gees gaan vir my sê om (in en tydens die Nagmaal) geestelik en simbolies Jesus se bloed te drink en Sy liggaam te eet om daardeur dit wat Hy aan die kruis vir my gedoen het vir myself toe te eien terwyl ek dan reeds en klaar op grond van my geloof in Jesus Christus alles beërwe het wat Hy vir my gekoop het met Sy bloed?
- Dus, indien jy deur die werke van die water onderdompelingsdoop en die eenwording met die ander jesus in die water weer in ‘n addisionele verbond met die ander jesus sou staan, dan is dit mos net logies dat sy gees, naamlik die Kundalini, die volste reg sal hê om in en deur die gelowiges te werk en om die Heilige Gees in hulle konstant te opponeer.

Laastens, die “ander jesus”:

- Indien ons ‘n jesus sou voorstaan wat ons skoon was met water en wat ons deur water tot geregtigheid bevorder en slegs sy gees en gawes aan ons sal bedien wanneer ons hom in die water ontmoet het, is dit die Jesus Christus van Golgota of is dit ons geestelike teenstaander wat hom vermom het as ‘n engel van die lig?
- Indien ons ‘n jesus sou aanbid (in die geestelike ritueel en seremonie van die nagmaal) wat verwag dat ons die ware Jesus wat aan die kruis vir ons sondes gesterf het (maar wat NB ook opgestaan het) se liggaam en bloed geestelik en simbolies moet eet en drink ten einde geestelike krag en versterking daaruit te ontvang, is dit die opgestane Jesus Christus wat leef en heers as Koning oor die ganse heelal of is dit die een wat Hom gekruisig het en homself daarin verlustig het dat die Seun van God dood is en geestelik sy liggaam en bloed in die doderyk as offer ontvang het (in ons plek)?

Dit is hoekom ons as Ignited in Christ die Ligaam van Jesus Christus moes om vergifnis vra en moes bely het dat ons (onbewustelik) ook “‘n ander evangelie, ‘n ander gees en ‘n ander jesus” verkondig het (in dualisme natuurlik saam met die ware evangelie van Jesus Christus en Sy Heilige Gees).

MAAR, ons was nie uniek in hierdie dwaling van ons nie, ons is maar net van die eerstes wat dit besef en dit kan bely, wat van al die ander charismatiese asook tradisionele "Christen" bedieninge en kerke daar buite? Behoort hulle nie ook almal, nadat hulle tot hierdie waarheid gekom het, dieselfde te erken, bely en om vergifnis te vra nie? Of beskerm hulle eerder hulle eie geestelike koninkryke, reputasies en finansiële inkomste?

'n Laaste vraag: Indien ons mislei kon word om in en deur die Doop van Gelowiges en die Nagmaal onbewustelik ook 'n ander jesus te volg en selfs te aanbid (deur die Nagmaal), wat dink u is die kanse dat die vyand gelowiges wat steeds in hierdie Rooms Katolieke doktrines staan aan die einde van die tyd sal kan mislei om, onbewustelik, agter die vals jesus (die antichris) aan te loop?

9. <u>Deborah en Deirdré</u>

Baie van julle mag nou ook nog verder wonder wat het van "Deborah" geword en hoekom het ek nou my geboortenaam "Deirdré" weer teruggeneem. Vir die oningeligde mag dit nou selfs voorkom asof ek my roeping in Jesus Christus daarmee vaarwel toegeroep het.

Soos ek aan sommige mede-gelowiges reeds verduidelik het, was hierdie besluit nie ligtelik geneem nie en het ek baie daaroor gebid en vir Jesus gevra. Die rede hoekom ek begin wonder het oor my naam "Deborah" is omdat aan die einde van die 12 jaar tydperk toe IIC se fondament onder hom begin skud het ek toenemend 'n ongemak met die naam "Deborah" begin ontwikkel het. Ek het veral ongemaklik gevoel met die feit dat baie mense bewustelik of onbewustelik agter "Deborah" begin aanloop het en my bewustelik of onbewustelik op 'n geestelike podium begin plaas het.

Ek het 'n rukkie voor dit al ontdek dat my geboortenaam "Deirdré" se betekenis aan die kant van die Lig is *"Seeker of righteousness and truth"* en dit het onmiddelik in my gees met my geresoneer as my identiteit deur Jesus aan my gegee. Ek het toe met die Here oor die naam "Deborah" begin gesels en dit is wat ek deur die werking van die Heilige Gees in my gees ervaar het:

- Toe ek 12 jaar gelede deur Jesus geroep is vir hierdie bediening was ek 'n emosioneel gebroke mens (soos seker die meeste gelowiges wanneer hulle hulle sondige en verlore aard besef en Jesus Christus as hul Verlosser aanvaar), meestal vanweë kinderjare verwerping en onwaardigheid. Daar is ook telkens aan my as kind gesê dat my naam Deirdré beteken "*sorrow*" en "*the raging one*". Dit het deur die jare my identiteit geword en toe ek wedergebore word in Jesus Christus en ervaar dat Hy my roep was my naam net nie op daardie stadium iets waarmee ek in die roeping van Jesus

Christus kon instap nie. Ek het toe ervaar dat die Heilige Gees aan my die nuwe naam "Deborah" toeken vanweë my roeping en dat die *"honey bee"* verwys na nuwe openbaring wat Hy vir my sou gee en dat Hy ook daardeur aan my 'n posisie van leierskap in Sy Liggaam op aarde sou toeken. Die betekenis van hierdie naam aan die kant van die Lig het natuurlik ook in vervulling gegaan in my lewe maar daarmee saam ook ongelukkig die dualisme van die Ou Verbond waaronder Deborah as rigter ook gestaan het;

- Daar was onmiddelik 'n sekere outoriteit wat saam met die naam gekom het en elke keer wanneer mense my op die naam "Deborah" genoem het, het dit my daaraan herinner dat Jesus my uitverkies het en dat ek by Hom Sy outoriteit ontvang het. Deborah het dus my identiteit geword;
- Ongelukkig, net soos wat telkens in bedieninge gebeur, het mense begin om agter my (asook die ander leier van IIC) aan te loop en om ons eintlik op 'n podium te plaas. Dit was nooit vir my lekker as ek mense ontmoet wat ek kan sien my so bewonder en dink dat Jesus deur Sy Gees nou meer met my praat as met hulle. Dit is 'n leuen want ons het almal die inwonende Heilige Gees;
- Toe ek Jesus raadpleeg daaroor of dit werklik Hy was wat aan my die naam "Deborah" toegeken het was die antwoord *"ja, ek het dit toegelaat vir 'n tyd en 'n seisoen".* Die Deborah-tydperk in Ignited in Christ was 'n tydperk van onbewustelike dualisme waar ons in IIC met die een voet solied en bewustelik in die ware Jesus Christus gestaan het maar met die ander voet onbewustelik ook in die vyand vanweë die water onderdompelingsdoop (wat 'n insiasieritueel is en 'n verbond met die vyand daarstel);
- Net soos in die Ou Testament waar die Here vir Deborah die rigter magtig gebruik het (al was hulle almal ook nog in dualisme gewees vanweë die feit dat Jesus nog nie gesterf het en die vloek van die sondeval oor hul gebreek het nie) het die Here ook vir my gebruik presies volgens Sy raadsplan al het ons (onbewustelik) ook nog met die een voet in die vyand gestaan vanweë die dualisme veroorsaak deur die water onderdompelingsdoop; en
- Ek ervaar toe laastens dat die Here sê *"die dualisme is nou gebreek en ek staan nou net in verbond met Hom"* en daarom is "Deborah" uitgedien (soos die Ou Verbond) en Hy wys my dat Hy intussen my geboortenaam vir my ten volle vrygemaak en skoongewas het met Sy bloed tot sy volle betekenis aan die kant van die Lig naamlik *"soeker van geregtigheid en waarheid"*.

Ek het Jesus as't ware in die gees omhels en kon net dankie sê dat Hy vir ons so 'n volledige nuwe begin gee dat Hy ook my geboortenaam gewas het met Sy bloed en weer aan my hertoeken.

Indien iemand dus steeds vir “Deborah” sou soek … sy is weg en dit is ook vir diegene ‘n les om nie agter mense aan te loop nie. Net Jesus is ewig en getrou en onfeilbaar … loop dus slegs agter Hom aan.

10. IIC en die Bybel as die geskrewe woord van God

Dit is moontlik dat van u nou dalk die verkeerde afleiding uit die teaching van *Come out of her My people* kon gemaak het deurdat u nou dink dat ons sê die Bybel is onbetroubaar en verloor as sulks sy status as geskrewe woord van God.

Nee, u is verkeerd. Bestudeer gerus maar weer die lering en u sal sien dat ons sê dat ons as gelowiges steeds die Bybel moet lees en bestudeer MAAR met onderskeiding. Dit beteken bloot dat ons gedurig die Heilige Gees moet vra om vir ons die Bybel oop te breek en dat indien daar ‘n konflik sou ontstaan tussen dit wat ons in die Bybel lees en die woorde en nalatenskap van Jesus Christus (die Lewende Woord) dat ons altyd die Woord (Jesus deur Sy Heilige Gees) se leiding moet aanvaar en vooropstel.

Ons sê bloot dat ons nie naief moet wees om te dink dat die Bybel vir meer as een duidend jaar uitsluitlik in die hande van die RKK was en ongeskonde anderkant uit gekom het nie. Die vyand sal selfs die Bybel wil gebruik om ons te mislei en hy het dit inderdaad reeds gedoen!

Ons is wedergebore uit God (die Heilige Gees) en daarom ken ons die Outeur van die boek persoonlik en intiem en daarom kan ons selfs die Bybel beoordeel in die krag en leiding van die Heilige Gees.

Jesus het in die verlede al telkemale skrifte uit die Bybel kragtig gebruik om my te lei en te leer en ek glo Hy wil steeds dieselfde doen vir almal van ons. Wees net bedag op die dualisme (veral in die Ou Testament) waardeur die vyand (deur die inmenging van die Kabbalistiese Rabbi’s) vir ons ‘n verkeerde beeld van wie ons God werklik is probeer skets het. Wees verder ook bedag op die dualisme wat ook in die Nuwe Testament ingesluip het vanweë die dwaling oor die doop deur volle onderdompeling in water en die vyand se stragegie om die vals dogma en doktrines van die RKK subtiel orals in te werk.

Ons gebed is dat die Heilige Gees u geestelike oë hiervoor sal oopmaak maar dat ons nie die spreekwoordelike “baba met die badwater sal uitgooi” deur nou die Bybel as geheel te verwerp of as “verdag” te beskou nie. Dit is nie wat ons as IIC sê of voorstaan nie en die Bybel is steeds daar om vir ons ‘n geestelike kompas te wees en om ons bekend te stel aan die ware Jesus Christus en aan wat Hy vir ons aan die kruis gedoen het sodat ons nou as wedergeborenes in Hom in die Nuwe Verbond vry en in oorwinning kan leef.

11. Terugvoer sover op die lering "Come out of her My people"

Ons het nog sover weinig terugvoer op die lering gekry hoewel ons almal in die inleiding gevra het om asseblief met ons te kommunikeer en terugvoer te gee.

Die enkele terugvoer wat ons wel sover gekry het val in een van 2 kategorieë naamlik:

1. Absolute geestelike steniging met 'n klomp los-en-vas aanklagte teen ons en basies die veroordeling dat ons nou finaal op die verkeerde pad is maar met weinig sinvolle terugvoer waarop 'n mens sou kan antwoord. Meestal het die gelowiges in hierdie kategorie ook nie eers die moeite gedoen om met 'n oop gemoed na die volledige lering te luister nie maar bloot na die inhoudsopgawe gekyk en na die slot en onmiddelik "offense" gevat (verontwaardiging) (onthou wat ons gesê het van "offense" en die Kundalini!); en
2. Meestal bevestiging van *"resonering in my gees"* met ander woorde dat die Heilige Gees vir die gelowige bevestig het dat dit wat in die lering gesê word die waarheid is.

Ons nooi steeds alle gelowiges in Jesus Christus (wat opreg die waarheid liefhet en daarna aktief soek) om vir ons terugvoer op die lering te gee.

Jesus sê dat slegs aan dié wat die waarheid liefhet sal Hy die waarheid openbaar en dat dié wat nie die waarheid liefhet nie oorgegee sal word aan die leuen (2 Tes. 2:9 &10). Ons gebed is dat U in die eersgenoemde kategorie sal val.

12. Wat ervaar ons nou dat ons die Doop van Gelowiges asook die Nagmaal verloën het en vir Jesus gevra het om die verbond gesluit tussen ons en die vyand nietig te verklaar?

Baie vrede en lewensvreugde, dat Jesus se juk lig is en nie swaar nie, ons slaap weer baie beter, ons hoef ook nie heeltyd die bloed te pleit en af te seël nie want dit is 'n permanente en blywende situasie. Ons hoef sederdien ook nog nie weer 'n geestelike vloek te gebreek het oor onsself nie en geestelike aanvalle van die vyand (soos vloeke) kom nie deur nie.

Ek ervaar dat ek baie meer liefde en empatie het met mense, ek is nie meer so veroordelend nie en vergifnis kom nou ook makliker en is meer volledig en voltooid. Ek ervaar baie emosionele genesing in myself en my identiteit en outoriteit in Jesus Christus het ook aansienlik sterker geword, ek getuig meer en met baie meer oortuiging en outoriteit asook begrip vir my medemens.

Die effek van Kundalini het reeds baie afgeneem deurdat ek baie meer blywende oorwinning oor goed soos minderwaardigheid, twyfel, verwerping en

verontwaardiging ens. ervaar. Die geestelike wipplank-ryery is ook skynbaar iets van die verlede en ek ervaar net ‘n stabiele en standhoudende vrede en dat ek nou in die rus van God is.

Heilige gesins - en familieverhoudinge is ook subtiel besig om te verbeter en NB AL MY VORIGE GESONDHEIDPROBLEME IS WEG!

Dit is egter nog ‘n geestelike reis en ons weet daar is steeds meer wat Jesus vir ons wil openbaar want met die kragtige Luciferiese rituele van die Doop van Gelowiges en die Nagmaal het baie kabbalistiese heksery en DID gedagtebeheer en programmering plaasgevind. Ons moet nou as’t ware van voor af ‘n pad saam met Jesus stap om telkens weer net by Sy voete te gaan sit en te vra dat Hy ons moet help en skoonwas deur die krag van Sy Heilige Gees en Sy bloed.

‘n Verloëningsgebed ten opsigte van die Doop van Gelowiges en die Nagmaal (maar ook die Babadoop) sal egter nog volg en gelowiges in Jesus Christus met wie die lering resoneer moet net ons webblad en nuusbriewe dophou.

LAASTENS, NOU WEET ONS OOK WAT DIE EINTLIKE OORSAAK WAS VAN DIE BINDINGE IN DIE SPADE REËN EN DIT IS IN DIE EERSTE PLEK DIE DRIE-VOUDIGE ONDERDOMPELINGSDOOP WAT AS TROJAANSE PERD DEUR DIE AGS EN SY VOORLOPER DIE AMERIKAANSE ZIONISTE KERK VAN JOHN ALEXANDER DOWIE EN DIE AMERIKAANSE EVANGELISTE VROEG IN DIE 20STE EEU NA SUID-AFRIKA GEBRING IS EN WAARUIT SPADE REËN DAN OOK SY ONTSTAAN GEKRY HET.

VANDAG WEET ONS DAT HIERDIE SELFDE BINDINGE TOT ‘N MINDERE OF MEERDERE MATE IN ELKE CHARISMATIESE (EN SELFS TRADISIONELE) KERK OF BEDIENING FUNKSIONEER WAT STEEDS GELOWIGES IN WATER DEUR VOLLE ONDERDOMPELING DOOP (ASOOK DIE DOOP VAN BABAS) EN GEREELD NAGMAAL VIER EN DAT DIE SPADE REËN GLAD NIE ‘N UITSONDERING IS NIE.

13. <u>Kan ons ‘n bediening van Jesus Christus voortaan vertrou wat erken en bely het dat hulle verkeerd was en hul mede-gelowiges om vergifnis gevra het?</u>

Ons besef dat dit nie lekker is om te hoor dat ‘n bediening oor iets kon gedwaal het nie, veral nie indien mens onbewustelik amper daardie mense aanbid het of dan op ‘n podium geplaas het nie. Al wat ons egter kan sê is dat om te kan erken dat jy gedwaal het en om vergifnis te vra is ‘n onbetwiste teken van nederigheid. Verder, om bereid te wees om alles te verloor ter wille van die waarheid (‘n eie koninkryk in die vorm van ‘n bediening, volgelinge, donasies, vriendskappe asook jou reputasie) en basies bereid te wees om oor en van voor af te begin is ‘n bewys daarvan dat ons Jesus Christus en Sy Koninkryk bo alles liefhet, eer en soek.

Ons glo dat Jesus Christus ons oor die 12 jaar op die pad gelei het waarop ons geloop het en ons alles eerstehands laat ervaar het ten einde die waarheid vir ons

te openbaar op so ‘n manier dat ons dit sal kan insien, verstaan en dan ook ons mede-gelowiges kan waarsku. Dit is ons roeping en ons kan net sê: *“Dankie Jesus vir U getrouheid en dat U ons deur alles heen bewaar en gelei het”*.

Ons moedig U dus aan om na ons nuutste lering *“Come out of her My people”* volledig te kyk en om self die Heilige Gees se leiding te volg oor die waarheid al dan nie van daardie lering.

Iets belangriks om te onthou: Geestelike reformasie is nie iets wat eenmalig in Martin Luther hulle se tyd plaasgevind het nie maar is iets wat sal aanhou totdat Jesus weer kom (kyk maar na toe ons almal ‘n tyd gelede met groot skok uitgevind het dat die baba-doop is nie van Jesus af nie .. hierdie oorgelewerde gebruik uit die heidendom het ook aanvanklik die reformasie oorleef).

Het ons al al die antwoorde? Nee, ons wag op Jesus en vertrou dat Hy ons op ‘n nuwe pad sal lei en meer en meer Sy waarheid aan ons sal openbaar.

Is al ons vorige leringe nou verkeerd? Nee, in wese is al ons leringe (behalwe dié oor die Doop van Gelowiges, wat ons reeds verwyder het) steeds reg (veral binne in die konteks van die Doop van Gelowiges) maar dit moet nou hersien word in die lig van die nuwe openbaringe wat Jesus nou vir ons gegee het en ons glo die inligting moet hersaamgestel word asook in die regte perspektief gestel word. Ons glo bv. dat ons opnuut moet dink oor ons lering dat bloedlynvloeke steeds bestaan in die lewens van wedergebore en Geesgedoopte gelowiges en dat dit moontlik net toegangsreg gevind het vanwee die verbond wat met die vyand gemaak is in die Doop van Gelowiges (en moontlik ook die babadoop).

Definitief weet ons reeds dat die konsep van DSK’s meestal net gevind is by gelowiges wat deur die Doop van Gelowiges is en dat dit ‘n konsep is wat deur die vyand (as gevolg van die sterk Kabbalistiese heksery wat in die Doop van Gelowiges ontsluit is), geskep is in gelowiges. Reeds is ons dus van mening dat DSK’s deur die vyand gebruik is om ons as gelowiges besig te hou en te ontspoor sodat ons nie by die eintlike wortel van die probleme kan uitkom nie, geestelik gebind kan bly en uiteindelik moedeloos word.

Verder is dit reeds vir ons duidelik dat die effek van verbonde en ooreenkomste wat met die vyand gesluit word (soos bv. in die Doop van Gelowiges en ook by die Babadoop) dalk groter is as wat ons gedink het en ook moontlik die rede kon gewees het waarom ons steeds die effek van die bloedlynvloeke en konsepte soos DSK’s in gelowiges gevind het.

Ons het dus ons Warrior Skool kursus vir eers heeltemal gestop want ons sal dit heeltemal moet hersien en herskryf.

14. Ten slotte

Moet asseblief nie vir ons volg nie maar volg slegs vir Jesus Christus en Sy Heilige Gees en toets alles deur middel van jul Gawe van Onderskeiding.

Alle eer aan Jesus Christus ons Verlosser, Koning en Bruidegom. Hy is ook ons Vader en Sy Gees is die kosbare Heilige Gees. Ons aanbid een allerheiligste God en nie drie aparte gode soos voorgestaan deur die vals dogma van die Rooms Katolieke drie-eenheid nie.

Dankie Jesus dat U ons ook vergewe het en skoon gewas het met U kosbare bloed en dat U ons steeds vertrou om U eindtyd-Bruid (die wat die waarheid liefhet) te lei in U waarheid en geregtigheid.

Deirdré en Gerhard Pieterse

(Namens Ignited in Christ genesingsbediening, RSA)

Datum: April 2024

(Indien U gelei sou voel om ons finansieel te ondersteun, sal ons dit baie waardeer. Ons bankbesonderhede is op ons webblad www.ignitedinchrist.org onder “About us”.)